MENIKO

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Official Gazette Extraordinary

*(Registered at the Post Office as a Newspaper)*

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Buitengewone Offisiële Koerant

*(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)*

PRICE: S.A. 15c OVERSEAS 20c

PRYS: S.A. 15c OORSEE 20c

VOL. 223 PRETORIA 7 MARCH, 7 MAART 1979 4008

## ADMINISTRATOR'S NOTICE

Administrator's Notice 258 7 March, 1979

KLERKSDORP MUNICIPALITY: BY-LAWS RELATING TO THE STORAGE, USE AND HANDLING OF FLAMMABLE LIQUIDS AND SUBSTANCES.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

INDEX.


| Section | | |
|---|---|---|
| 1 | Definitions | 1 |
| 2— 53 | General | 4 |
| 54— 59 | Stores | 18 |
| 60— 69 | Bulk Depots | 20 |
| 70— 80 | Transport of Flammable Liquid | 24 |
| 81— 95 | Dry-cleaning Rooms: General | 28 |
| 96— 98 | Special Provisions where Class A Flammable Liquids are used for Dry-cleaning | 31 |
| 99—100 | Special Provisions where Class B Flammable Liquid is used for Dry-cleaning | 33 |
| 101—105 | Spray Rooms | 33 |
| 106—108 | Mixing Rooms | 36 |
| 109 | Liquified Petroleum Gases | 36 |
| 110—123 | Carbide | 36 |
| 124 | Offences and Penalties | 40 |


DEFINITIONS.

1. For the purpose of these by-laws, unless the context indicates otherwise —

"above ground storage tank" means a tank situated above or partly above ground and used or intended to be used for the storage of flammable liquid;

"authorized officer" means any officer of the Council acting within the scope of his duties;

## ADMINISTRATEURSKENNISGEWING

Administrateurskennisgewing 258 7 Maart 1979

MUNISIPALITEIT KLERKSDORP: VERORDENINGE BETREFFENDE DIE OPBERGING, GEBRUIK EN HANTERING VAN VLAMBARE VLOEISTOWWE EN STOWWE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

INHOUDSOPGAWE.


| Artikel | | |
|---|---|---|
| 1 | Woordomskrywing | 1 |
| 2— 53 | Algemeen | 4 |
| 54— 59 | Pakkamers | 18 |
| 60— 69 | Grootmaatdepots | 20 |
| 70— 80 | Vervoer van Vlambare Vloeistowwe | 24 |
| 81— 95 | Droogskoonmaaklokale: Algemeen | 28 |
| 96— 98 | Spesiale Maatreëls waar Vlambare Vloeistowwe Klas A vir Droogskoonmaakdoeleindes gebruik word | 31 |
| 99—100 | Spesiale Maatreëls waar Vlambare Vloeistowwe Klas B vir Droogskoonmaakdoeleindes gebruik word | 33 |
| 101—105 | Spuitlokale | 33 |
| 106—108 | Menglokale | 36 |
| 109 | Vloeibare Petroleumgas | 36 |
| 110—123 | Karbied | 36 |
| 124 | Oortredings en Boetes | 40 |


WOORDOMSKRYWING.

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy die sinsverband anders aandui, beteken —

"beskermde gebou" enige huis of gebou of ander bouwerk wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word, of beskikbaar is vir menslike bewoning of openbare byeenkomste, en sluit skole, klubs en soort-

"boundary line" means the perimeter of any premises in or on which flammable liquid is stored or used;

"bulk depot" means any premises used or intended to be used for the storage in bulk of flammable liquid whence flammable liquid is to be distributed mainly by road tank wagon or otherwise, and also includes any premises for the storage in bulk of packed products;

"bulk store" means any building or structure used or intended to be used in a bulk depot for the storage of flammable liquid in portable containers;

"carbide" means carbide or calcium;

"certificate of registration" means a certificate issued by the Council authorizing any person to use the premises therein specified either for the storage, use or handling of flammable liquid or for the storage of carbide, as the case may be;

"Chief Fire Officer" means the Chief Fire Officer of the Council, or in his absence, the person acting as Chief Fire Officer;

"container" means any case, tin, barrel, drum or other vessel used or intended to be used for the holding of flammable liquids but shall not include the fuel tank of a motor vehicle or stationary engine in normal use as such;

"Council" means the Town Council of Klerksdorp and includes the management committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960);

"dry-cleaning machinery" means any machines used or intended to be used for the cleaning or the treatment of garments or textiles with the aid of flammable liquid;

"dry-cleaning room" means any room or structure used or intended to be used for the cleaning or treatment for gain or reward of garments or textiles with the aid of flammable liquid;

"flammable liquids" —

'Class A flammable liquid' means any flammable liquid having a true flash-point of 23 °C and lower;

'Class B flammable liquid' means any flammable liquid having a true flash-point of over 23 °C up to and including 55 °C.

'Class C flammable liquid' means any liquid, oil or other similar substance having a true flash-point of more than 55 °C but under 90 °C.

For the purposes of the definition of "flammable liquids", flash-point shall be determined in accordance with the definition contained in the Code of Practice for the Petroleum Industry SABS 089: Part I — 1966;

"habitable room" means a room constructed or adapted to be used as a living room or workroom, and includes shops, workshops and offices, and the term "habitable" shall have a like meaning;

"liquid petroleum gas" means a gas, being a petroleum by-product which, when stored under pressure in cylinders, assumes a liquid state until the pressure has been reduced;

gelyke inrigtings in en omvat ook geboue of strukture vir die huisvesting van diere, maar sluit nie administrasiekantore, kleedkamers of eetlokale in 'n grootmaatdepot in nie;

"bewoonbare vertrek" 'n vertrek wat gebou of ingerig is om as 'n woonkamer of werkkamer te dien, en sluit winkels, werkwinkels en kantore in, en die uitdrukking "woonvertrek" beteken dieselfde;

"bogrondse opbergtenk" 'n tenk wat op of gedeeltelik bokant die grond geleë is, en wat gebruik word om vlambare vloeistof in op te berg, of wat bedoel is om as sodanig gebruik te word;

"Brandweerhoof" die Brandweerhoof van die Raad, of in sy afwesigheid, die persoon wat as waarnemende Brandweerhoof ageer;

"droogskoonmaaklokaal" 'n lokaal of bouwerk wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word om vir wins of teen 'n vergoeding kledingstukke of tekstielware met behulp van vlambare vloeistof skoon te maak of te behandel;

"droogskoonmaakmasjinerie" enige masjinerie wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word om kledingstukke of tekstielware met behulp van vlambare vloeistof skoon te maak of te behandel;

"gemagtigde beampte" 'n beampte van die Raad handelende binne die bestek van sy werksaamhede;

"geregistreerde perseel" 'n perseel deur die Raad kragtens hierdie verordeninge geregistreer vir die opberging van karbied;

"grenslyn" die omtrek van 'n perseel waarop of waarin vlambare vloeistowwe of stowwe opgeberg of gebruik word;

"grootmaatdepot" 'n perseel wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word om vlambare vloeistof in grootmaat in op te berg, en waarvandaan die vlambare vloeistof hoofsaaklik deur middel van tenkvragmotors of op 'n ander wyse versprei word, en behels ook enige perseel waar verpakte ware in grootmaat opgeberg word;

"grootmaatpakhuis" 'n gebou of bouwerk in 'n grootmaatdepot wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word om vlambare vloeistof in draagbare houers in op te berg;

"houer" 'n kis, blik, vaatjie, drom of 'n ander vat wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word om vlambare vloeistof in te hou maar sluit nie die brandstoftenk van 'n motorvoertuig of van 'n vasstaande masjien in normale gebruik as sodanig in nie;

"karbied" òf karbied òf kalsium;

"lugpypie" 'n pypie wat gemaak en aangebring is ten einde die dampe van vlambare vloeistof in die atmosfeer te laat ontsnap;

"menglokaal" enige lokaal of bouwerk wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word vir die vervaardiging of voorbereiding van enige produk waarby die gebruik van vlambare vloeistowwe betrek word;

"ondergrondse opbergtenk" 'n tenk wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word om vlambare vloeistof in op te berg en wat heeltemal in die grond ingelaat, en met grond of soliede rots omring is, of 'n tenk wat in 'n kelderverdieping onderkant die grondvlak ge-

"mixing room" means any room or structure used or intended to be used for the manufacture or preparation of any product involving the use of flammable liquid;

"person" includes any individual, company or corporate body or partnership or other association of persons;

"protected work" means any house or building or other structure used or intended to be used or available for use for human habitation or public assembly and any school, club or similar institution and any building or structure housing animals, but shall not include any administrative office, change room or mess room in a bulk depot;

"pump" means any pump used or intended to be used for the supply, delivery, propulsion or pumping of flammable liquid or substances and includes all apparatus, pipes and appliances used for or in connection therewith, but shall not include pumps in bulk depots;

"registered premises" means premises registered by the Council in terms of these by-laws for the storage of carbide;

"road tank wagon" means a vehicle constructed and intended for the purpose of conveying flammable liquid for distribution principally or solely in a tank constructed as part of and firmly attached to such vehicle;

"spray booth" means any separate compartment constructed of metal and erected inside an existing building or any subdivision of any spray room when such subdivision or separate compartment is used or intended to be used for the purpose of spraying vehicles or articles with flammable liquid, and purposes incidental thereto;

"spray permit" means a permit issued by the Council authorizing any person to carry out the spraying of any article or thing with flammable liquid inside a building;

"spray room" means any room or structure used or intended to be used for the purpose of spraying vehicles or articles with flammable liquid and purposes incidental thereto;

"store" means any building or structure, other than a bulk store, which is used or intended to be used for the storage of flammable liquid in containers;

"tank" means a metal tank of adequate strength for the use intended, used or intended to be used for the storage of flammable liquid;

"transfer under seal" means the transfer of flammable liquid from or to a road tank wagon in such manner as to prevent the escape of flammable liquid or its vapour at any point in the system, except at such points where the vapour necessarily expelled is discharged through a vent pipe;

leë en omring is deur vloeistofdigte beton of steenwerk en geheel en al met 'n sandhomhulling omring is;

"pakkamer" 'n gebou of bouwerk, uitgesonderd 'n grootmaatpakhuis, wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word om vlambare vloeistof in houers in op te berg;

"persoon" ook enige individu, maatskappy of liggaam met regspersoonlikheid, of 'n vennootskap, of 'n ander vereniging van persone;

"pomp" enige pomp wat vir die voorsiening, lewering, voortdrywing of pomp van vlambare vloeistof of stowwe gebruik word, of wat vir sodanige gebruik bedoel is, en sluit alle apparate, pype en toestelle in wat daarvoor of in verband daarmee gebruik word; maar sluit nie pompe in grootmaatdepots in nie;

"Raad" die Stadsraad van Klerksdorp en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is;

"registrasiesertifikaat" 'n sertifikaat wat deur die Raad uitgereik is, waarby iemand gemagtig word om die persele wat daarin aangegee word vir die opberging, gebruik of hantering van vlambare vloeistowwe of die opberging van karbied, na gelang van die geval, te gebruik;

"spuithokkie" enige afsonderlike kompartement van metaal gebou en binne 'n bestaande lokaal ingerig of enige onderverdeling van 'n spuitlokaal indien so 'n kompartement of onderverdeling gebruik word of bedoel is om gebruik te word om voertuie of artikels met vlambare vloeistof te bespuit, en vir doeleindes wat daarmee gepaard gaan;

"spuitlokaal" 'n lokaal of bouwerk wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word om voertuie of artikels met vlambare vloeistof te bespuit, en vir doeleindes wat daarmee gepaard gaan;

"spuitpermit" 'n permit wat die Raad uitreik en waarby iemand gemagtig word om enige artikel of ding in 'n gebou met vlambare vloeistowwe te bespuit;

"tenk" 'n metaaltenk, wat sterk genoeg is vir die bestemde doel, en wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word om vlambare vloeistof in te berg;

"tenkvragmotor" 'n voertuig wat gebou en bedoel is om vlambare vloeistof, hoofsaaklik of uitsluitend in 'n tenk wat as deel van sodanige voertuig, en stewig daaraan vasgebou is, vir verspreidingsdoeleindes te vervoer;

"verseëlde oorbringing" die oorbring van vlambare vloeistof van of na 'n tenkvragmotor op so 'n wyse dat geen vlambare vloeistof of die dampe daarvan, by enige plek in die stelsel ontsnap nie, behalwe by sodanige plekke waar die dampe wat noodgedwonge afgedrywe word, deur 'n lugpypie ontsnap;

"vervoerpermit" 'n permit waarkragtens vlambare vloeistof per pad vervoer mag word;

"vlambare vloeistowwe" —

'vlambare vloeistof Klas A' enige vlambare vloeistof waarvan die flitspunt 23 °C en laer is;

'vlambare vloeistof Klas B' enige vlambare vloeistof met 'n flitspunt bo 23 °C, tot en met 55 °C;

"transport permit" means a permit authorizing the transportation by road of flammable liquid;

"underground storage tank" means a tank used or intended to be used for the storage of flammable liquid wholly sunk in and surrounded by earth or solid rock or any such tank situated in a basement below ground level and totally enclosed by a liquid-tight concrete or brick structure, and wholly surrounded by a sand filling;

"vent pipe" means a pipe constructed and installed to allow the escape of flammable liquid vapour into the atmosphere.

'vlambare vloeistof Klas. C' enige vloeistof, olie of soortgelyke stof met 'n flitspunt wat hoër as 55 °C maar laer is as 90 °C.

Vir die toepassing van die woordomskrywing van "vlambare vloeistowwe", word flitspunt bepaal ooreenkomstig die definisie daarvan vervat in die Gebruikskode vir die Petroleumnywerheid SABS 089: Deel I — 1966;

"vloeibare petroleum gas" 'n petroleum neweproduk wat, indien dit onder druk in silinders gestoor is, 'n vloeibare toestand aanneem totdat die druk verminder word.

GENERAL.

*Provisions of Other By-laws to Apply.*

2. The provisions of these by-laws shall be in addition to, and not in substitution for, any other by-laws of the Council.

*Application of these By-laws to Existing Premises.*

3. The provisions of sections 34, 35, 37, 40, 41, 44, 56, 62, 65(a), 76, 81(2), 96(a), (b), (c), (e), (f) and (g), 99(a) and (c), and 103(a) and (d) shall not apply to any premises now in lawful use for the storage, use or handling of flammable liquid so as to require such premises to be reconstructed, altered or added to, to conform to the provisions thereof, but where any such premises or part thereof are reconstructed, altered or added to, such work shall be carried out in conformity with the provisions of these by-laws: Provided that on change of control or ownership of any premises in lawful use for the storage, use or handling of flammable liquid, no renewal of any certificate of registration issued in connection therewith shall be made, unless and until the provisions of sections hereinbefore mentioned have been complied with, and the provisions of such sections shall thereafter apply to such premises.

*Application for the Approval of Plans.*

4.(1) Every application for approval of plans shall be made in writing to the Council.

(2) Every such application shall be accompanied by a plan of the premises in respect of which a certificate is required, drawn to a scale of not less than 1:100, which shall specify —

(a) the premises including their elevation with regard to adjacent buildings or structures above or below the ground, the inside dimensions shown in figures of any room, building, structure or storage tank in which flammable liquid is to be stored, used or handled; as well as a description of the material to be used with which such room, building, structure or storage tank is or is proposed to be constructed; and

(b) full particulars including position of any pump, storage tank, store, mixing room, pipeline, drycleaning machinery, spray room, spray booth, or ventilating equipment.

(3) Every such application shall also be accompanied by a block plan of such premises, drawn to a scale of not less than 1:500, which shall specify —

ALGEMEEN.

*Bepalings van Ander Verordeninge is van Toepassing.*

2. Die bepalings van hierdie verordeninge is ter aanvulling van, en nie ter vervanging van enige ander verordeninge van die Raad nie.

*Toepassing van hierdie Verordeninge op Bestaande Persele.*

3. Die bepalings van artikels 34, 35, 37, 40, 41, 44, 56, 62, 65(a), 76, 81(2), 96(a), (b), (c), (e), (f) en (g), 99(a) en (c) en 103(a) en (d) is nie op enige perseel wat tans wettiglik vir die opberging, gebruik of hantering van vlambare vloeistowwe gebruik word, op so 'n wyse van toepassing dat dit meebring dat sodanige perseel herbou, verbou of uitgebrei moet word ten einde aan die bepalings daarvan te voldoen nie, maar wanneer sodanige perseel of 'n gedeelte daarvan herbou, verbou of uitgebrei word, moet sodanige werk ooreenkomstig die bepalings van hierdie verordeninge verrig word: Met dien verstande dat indien 'n perseel wat wettiglik vir die opberging, gebruik of hantering van vlambare vloeistowwe gebruik word, van beheer of eienaar verwissel, geen registrasiesertifikaat wat in verband daarmee uitgereik is, hernieu word nie, tensy en alvorens daar aan die bepalings van bogenoemde artikels voldoen is, en die bepalings van vermelde artikels is dan op sodanige persele van toepassing.

*Aansoek om Goedkeuring van Planne.*

4.(1) Elke aansoek om die goedkeuring van planne, moet skriftelik by die Raad gedoen word.

(2) Elke sodanige aansoek moet vergesel gaan van 'n plan van die perseel ten opsigte waarvan 'n sertifikaat vereis word, en moet volgens 'n skaal van minstens 1:100 geteken wees, en die volgende in besonderhede aandui —

(a) die perseel, insluitende die opstand daarvan met betrekking tot die aangrensende geboue of bouwerke bokant of onderkant die grond, die binneafmetings in syfers aangegee van enige vertrek, gebou, bouwerk of opbergtenk waarin vlambare vloeistof opgeberg, gebruik of gehanteer moet word, asook 'n beskrywing van die materiale waarmee sodanige vertrek, gebou, bouwerk of opbergtenk gebou is, of gebou gaan word; en

(b) volledige besonderhede, insluitende die terreinligging van enige pomp, opbergtenk, pakkamer, menglokaal, pypleiding, droogskoonmaakmasjinerie, spuitlokaal, spuithokkie of ventilasietoerusting.

(3) Elke sodanige aansoek moet ook vergesel gaan van 'n blokplan van sodanige perseel, wat volgens 'n skaal van minstens 1:500 geteken is, en waarop die volgende gespesifiseer moet word: —

(a) the premises and all open spaces with stand numbers thereof and the materials of which such premises are constructed or are to be constructed;

(b) the stands with numbers thereof immediately adjoining;

(c) the names of any streets on which the site abuts and the township in which it is situated; and

(d) the north point.

(4) Where the plan relates to existing premises in respect of which a certificate of registration has been issued and wherein it is proposed to make alterations or additions to any apparatus lawfully used or intended to be used thereon for the storage or handling of flammable liquid, only a ground plan together with such application form and the prescribed charges shall be submitted. Such ground plan shall be drawn to a scale not less than 1:100 and shall show such additions or alterations in relation to such existing premises or apparatus.

(5) All plans shall be —

(a) signed by the owner or his agent;

(b) drawn in Indian ink on tracing linen or clear prints on cloth with white ground; and

(c) coloured with fixed colours as follows: —

(i) *Block Plan:*

Proposed premises: Red.

Other existing buildings: Grey or a neutral colour.

Open spaces. Uncoloured.

(ii) *Other Plans:*

Ventilation ducts, trunks or enclosures: Blue.

Storage tanks, pumps, pipelines, dry-cleaning machinery and spray booths: Red.

Buildings in which flammable liquid is to be stored, used or handled: Uncoloured.

Other existing buildings where required: Grey or a neutral colour.

(6) A charge of R3 for every application for approval of a plan or plans shall be paid on submission thereof, and on approval, such plan or plans shall become the property of the Council. On approval of such plans a written notice in accordance with these by-laws shall be issued with such conditions endorsed thereon as are deemed necessary by the Council.

(7) The approval of plans in respect of premises shall in no way imply the acceptance of any responsibility on the part of the Council in regard to such premises.

*When Plans are Null and Void.*

5. The approval by the Council in terms of section 4 of any plans shall lapse and be of no force and effect if the provisions of these by-laws shall not have been complied with within one year after the date of such approval.

(a) Die persele en alle oop ruimtes en die standplaasnommers daarvan asook die materiaal waarvan sodanige persele gebou is of gebou gaan word;

(b) die direk aangrensende standplase en hulle nommers;

(c) die name van strate waaraan die terrein grens en die naam van die dorp waarin dit geleë is; en

(d) die noordpunt.

(4) Indien die plan betrekking het op bestaande persele ten opsigte waarvan 'n registrasiesertifikaat uitgereik is, en ten opsigte waarvan dit die voorneme is om veranderings of toevoegings aan te bring aan 'n apparaat wat in verband met die opberging of hantering van vlambare vloeistowwe wettiglik daarop gebruik word of wat dit die voorneme is om daarop te gebruik, moet daar slegs 'n grondplan en die voorgeskrewe gelde saam met so 'n aansoekvorm ingedien word. So 'n grondplan moet volgens 'n skaal van minstens 1:100 geteken word, en moet sodanige toevoegings of veranderings met betrekking tot die bestaande perseel of apparaat aandui.

(5) Alle planne moet —

(a) deur die eienaar of sy agent onderteken word;

(b) met Indiese ink op natreklinne geteken of duidelik op 'n wit doek afgedruk wees; en

(c) soos volg met vaste kleure ingekleur wees: —

(i) *Blokplan:*

Voorgestelde perseel: Rooi.

Ander bestaande geboue: Grys of 'n neutrale kleur.

Oop ruimtes: Ongekleurd.

(ii) *Ander Planne:*

Ventilasiepype, hoofleidings of insluitings: Blou.

Opbergtenks, pompe, pypleidings, droogskoonmaakmasjinerie en spuithokkies: Rooi.

Geboue waarin vlambare vloeistowwe opgeberg, gebruik of hanteer word: Ongekleurd.

Ander bestaande geboue waar vereis: Grys of 'n neutrale kleur.

(6) Daar moet 'n vordering van R3 ten opsigte van elke aansoek om goedkeuring van 'n plan of planne, betaal word wanneer dit ingedien word, en nadat dit goedgekeur is, behou die Raad sodanige plan of planne. Wanneer sodanige planne goedgekeur is, word 'n skriftelike kennisgewing uitgereik met sodanige voorwaardes as wat ooreenkomstig hierdie verordeninge nodig geag word, deur die Raad daarop geëndosseer.

(7) Die goedkeuring van planne ten opsigte van persele beteken geensins dat die Raad enige aanspreeklikheid met betrekking tot sodanige perseel aanvaar nie.

*Wanneer Planne van Nul en Gener Waarde is.*

5. Die goedkeuring deur die Raad van enige plan kragtens artikel 4 verval en is van nul en gener waarde indien daar nie binne een jaar na die datum van sodanige goedkeuring aan die bepalings van hierdie verordeninge voldoen is nie.

*Permits.*

6.(1) No person shall carry out any spraying operations with flammable liquid in any building or part thereof unless such person is in possession of a spray permit in respect of the said building or part thereof issued in accordance with these by-laws, or store, use or handle flammable liquid on any premises in excess of the undermentioned quantities: —

(a) Class A flammable liquid — a total quantity of 50 litres.

(b) Class B flammable liquid — a total quantity of 400 litres, unless such person is in possession of a certificate of registration in respect of such premises issued in terms of these by-laws.

(2) No certificate of registration or spray permit shall be issued in respect of any premises for the storage, use or handling of flammable liquid unless application is made in writing to the Council and accompanied by the prescribed charge as set out in Schedule 1 hereto, and until the provisions of these by-laws have been complied with in respect of such premises.

(3) Such certificate of registration or spray permit may be issued subject to such conditions as are deemed necessary by the Council, having regard to the circumstances pertaining to each application.

(4) Such certificate of registration shall state the maximum amount of each class of flammable liquid permitted to be stored, used or handled, the manner in which such liquid shall be stored, used or handled and the number of pumps, storage tanks and stores permitted on the premises.

(5) Every such certificate of registration shall only be valid for the period terminating on the next succeeding 31st day of December.

(6) No certificate of registration or spray permit, other than a renewal thereof, shall be issued in respect of any premises until the provisions of these by-laws have been complied with and the application therefor has been approved by the Council.

*Supply of Flammable Liquid.*

7. No person shall —

(a) supply or deliver or cause or permit to be supplied or delivered flammable liquid in excess of the quantity specified in section 6(1) to any premises, the occupier of which is not in possession of a certificate of registration issued in terms of these by-laws in respect of the said premises; or

(b) supply or deliver or cause or permit to be supplied or delivered to any premises flammable liquid in excess of the quantity or of a class other than that specified on the certificate of registration relating to such premises.

*Exemptions and Requirements: General.*

8.(1) Notwithstanding anything contained in these by-laws —

(a) flammable liquid shall not be deemed to be stored or conveyed or transported when contained in the fuel tank of a motor vehicle or stationary engine in normal use as such;

*Permitte.*

6.(1) Niemand mag in 'n gebou of 'n gedeelte daarvan met vlambare vloeistowwe spuitwerk verrig nie, tensy hy in besit is van 'n spuitpermit ten opsigte van genoemde gebou of 'n gedeelte daarvan wat ooreenkomstig hierdie verordeninge uitgereik is of mag, tensy hy 'n registrasiesertifikaat ten opsigte van 'n perseel besit, meer vlambare vloeistof as die volgende hoeveelhede op sodanige perseel opberg, gebruik of hanteer nie: —

(a) Vlambare vloeistof, Klas A — altesaam 50 liter.

(b) Vlambare vloeistof, Klas B — altesaam 400 liter, tensy sodanige persoon ten opsigte van sodanige perseel in besit is van 'n registrasiesertifikaat vir die perseel kragtens hierdie verordeninge uitgereik.

(2) Daar word geen registrasiesertifikaat of spuitpermit ten opsigte van 'n perseel vir die opberging, gebruik of hantering van vlambare vloeistof uitgereik nie, tensy daar skriftelik by die Raad aansoek gedoen word en die voorgeskrewe gelde soos in Bylae 1 hierby uiteengesit, die aansoek vergesel en alvorens daar aan die bepalings van hierdie verordeninge met betrekking tot sodanige perseel voldoen is.

(3) Sodanige registrasiesertifikaat of spuitpermit kan uitgereik word onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Raad, met inagneming van die omstandighede wat aan elke aansoek verbonde is, noodsaaklik ag.

(4) Sodanige registrasiesertifikaat moet die grootste hoeveelheid vlambare vloeistof van elke klas wat opgeberg, gebruik of gehanteer mag word, asook die wyse waarop sodanige vloeistof opgeberg, gebruik of gehanteer moet word, en die aantal pompe, opbergtenks en pakkamers wat op die perseel toegelaat word, aangee.

(5) Elke sodanige registrasiesertifikaat is slegs geldig vir die tydperk wat verstryk op die eerste daaropvolgende 31ste dag van Desember.

(6) Daar word geen registrasiesertifikaat of spuitpermit, uitgesonderd 'n hernuwing daarvan, ten opsigte van enige perseel uitgereik, alvorens daar aan die bepalings van hierdie verordeninge voldoen is en die aansoek daarvoor deur die Raad goedgekeur is.

*Verskaffing van Vlambare Vloeistowwe.*

7. Niemand mag —

(a) meer vlambare vloeistof as die hoeveelheid wat in artikel 6(1) gespesifiseer is, aan 'n perseel waarvan die okkupant nie in besit is van 'n registrasiesertifikaat wat ingevolge die bepalings van hierdie verordeninge ten opsigte van die genoemde perseel uitgereik is nie, verskaf of aflewer of toelaat dat dit verskaf of afgelewer word nie; of

(b) meer vlambare vloeistof as die hoeveelheid, of vlambare vloeistof van 'n ander klas as dié wat in die registrasiesertifikaat wat betrekking op sodanige perseel het, gespesifiseer is, aan 'n perseel verskaf of aflewer of toelaat dat dit verskaf of afgelewer word nie.

*Vrystellings en Vereistes: Algemeen.*

8.(1) Ondanks enigiets in hierdie verordeninge vervat —

(a) word daar nie geag dat vlambare vloeistof opgeberg of vervoer word wanneer dit in die brandstoftenk van 'n motorvoertuig of 'n vasstaande masjien is, wat as sodanig in normale gebruik is nie;

(b) any person may keep any flammable substance such as varnish, lacquer, paint, vulcanising cement or other similar preparations, hydraulic fluids and other similar preparations, liquids constituting or forming part of medicinal, cosmetic and other similar preparations and diesel and heavy furnace fuels on any premises where such substance is entirely contained in sealed metal containers and no container shall be opened on such premises except in the open air or in a store as defined in section 1: Provided that—

(i) where 1 *kl* or more of such substances are kept in any room or building, such room or building shall be constructed of non-combustible material and fire appliances shall be installed to the satisfaction of the Chief Fire Officer and the substances shall be situated in such a position that they shall not impede the escape of any person or animal from the premises in case of fire;

(ii) where the total quantity of such substances is in excess of 5 *kl* such excess quantities shall be kept in a separate non-combustible room or building or store;

(iii) such room or building shall be constructed in such a manner and be surrounded by walls or bunds of such a character that the substances contained therein cannot escape therefrom, such walls or bunds to be of sufficient capacity to contain not less than 75 per cent of the maximum quantity capable of being stored therein;

(iv) the room or building shall be ventilated so as to adequately prevent the accumulation of flammable vapour within all portions of such room or building;

(v) the room or building shall be situated in such a position that it is not likely to endanger any other adjoining room, building or premises in case of fire;

(vi) the words "DANGER — NO SMOKING" in both official languages shall be prominently displayed in letters not less than 150 mm in height outside the entrance to every such room or building and shall at all times be maintained in such positions and in a legible condition.

(vii) no container shall be opened in such room or building;

(viii) fire appliances shall be installed to the satisfaction of the Chief Fire Officer;

(ix) the Chief Fire Officer may require other additional safety precautions to be complied with, having regard to the particular circumstances of any case.

*Exemptions and Requirements: Class C Flammable Liquid.*

(2)(a) The exemption referred to in subsection (1)(a) and (b) shall *mutatis mutandis* apply to Class C flammable liquid contained in drums and not exceeding 1 *kl* on any premises. In the event of the quantity exceeding 1 *kl* the provisions of subsection (1)(b)(i) to (ix) inclusive shall *mutatis mutandis* apply.

(b) kan enigiemand enige vlambare stof soos vernis, lakvernis, verf, vulkaniseergom of ander soortgelyke preparate, hidrouliese vloeistowwe en ander soortgelyke preparate, vloeistowwe wat òf self òf deel uitmaak van geneeskundige, skoonheids- en ander soortgelyke preparate, en diesel en grootoond stowwe aanhou op enige perseel waar sodanige stowwe geheel en al in verseëlde metaalhouers gehou word en sodanige houer nie op die perseel oopgemaak word nie, behalwe in die buitelug of in 'n pakkamer soos omskryf in artikel 1: Met dien verstande dat—

(i) indien 1 *kl* of meer van sodanige stowwe in 'n vertrek of gebou gehou word, so 'n vertrek of gebou van nie-brandbare materiaal gebou moet wees, brandblustoestelle tot voldoening van die Brandweerhoof aangebring moet word, en die stowwe sodanig gestoor moet word dat dit nie die ontvlugting van mense of diere in geval van 'n brand belemmer nie;

(ii) indien die totale hoeveelheid van sodanige stowwe meer as 5 *kl* is, sodanige addisionele hoeveelhede in 'n afsonderlike nie-brandbare vertrek of gebou of pakkamer gehou moet word;

(iii) so 'n vertrek of gebou op so 'n wyse opgerig en omring moet wees van mure of walle van sodanige aard dat die stowwe wat daarin vervat is, nie daaruit kan ontsnap nie en sodanige mure of walle se inhoudsvermoë moet voldoende wees om minstens 75 persent van die grootste hoeveelheid stowwe wat daarin opgeberg kan word, te hou;

(iv) die vertrek of gebou sodanig geventileer moet word om die ophoping van vlambare damp in enige gedeelte van sodanige vertrek of gebou voldoende te voorkom;

(v) die vertrek of gebou sodanig geleë moet wees dat dit geen gevaar inhou vir aangrensende vertrekke, geboue of persele in geval van 'n brand nie;

(vi) opvallende kennisgewings met die woorde "GEVAAR — ROOK VERBODE" duidelik in albei amptelike tale daarop, in letters wat minstens 150 mm hoog is, buite alle ingange tot sodanige vertrek of gebou opgerig moet word, en te alle tye op dié plekke in 'n leesbare toestand in stand gehou moet word;

(vii) geen houer in sodanige vertrek of gebou oopgemaak mag word nie;

(viii) Brandblussers tot voldoening van die Brandweerhoof geïnstalleer moet word;

(ix) die Brandweerhoof ander addisionele veiligheidsmaatreëls kan vereis met inagneming van die besondere omstandighede van enige geval.

*Uitsonderings en Vereistes: Klas C Vlambare Vloeistowwe.*

(2)(a) Die uitsondering waarna daar in subartikel (1)(a) en (b) verwys word, is *mutatis mutandis* van toepassing op Klas C, vlambare vloeistowwe wat in dromme aangehou word en nie 1 *kl* op enige perseel oorskry nie. Waar die hoeveelheid 1 *kl* oorskry, is die bepalings van subartikel (1)(b)(i) tot en met (ix) *mutatis mutandis* van toepassing.

(b) In the case of bulk storage of liquids, oils or other substances which are or are to be stored or used for heating or any other purpose, the procedure and provisions of sections 4, 5 and 33 to 46 inclusive shall be followed and shall *mutatis mutandis* apply, save and except that with reference to section 35(2) the Chief Fire Officer may in his discretion permit above ground storage tanks, subject to the following conditions: —

(i) The capacity of any tank containing liquids with a true flash-point of more than 55 °C but under 90 °C and not installed in a building shall not exceed 2,3 *kl* and such tank shall not be positioned within 6 m of any protected work or within 4,5 m of any public thoroughfare.

(ii) The capacity of any tank containing liquids, oils or other substances with a true flash-point of over 90 °C and not installed in a building, and any part of which is placed within a distance of 6 m from any part of a building, shall not exceed 23 *kl* and if such tank is not so placed that the whole of it is below the surface of the adjoining ground, the following requirements shall be complied with: —

(aa) If the tank is placed within a distance of 2 m from the building, unless the part of the wall of the building within 6 m from the tank is of fire-resisting construction and impervious, it shall be enclosed in a tank chamber.

(bb) If the tank is placed at a distance of more than 2 m but within a distance of 6 m from the building, it shall be placed in a tank chamber unless either the part of the wall of the building within 6 m from the tank and any opening therein shall be of fire-resisting construction or a screen wall of fire-resisting construction shall have been erected between the tank and the building: Provided that such screen wall shall have been erected co-extensive with the tank so as to project laterally for a distance of not less than 1 m at each extremity of such tank and such screen wall shall have foundations of adequate strength, and throughout its length shall have been erected above the ground to a height of not less than 1 m above the uppermost part of the tank.

(iii) If the storage tank is placed so that the whole of it is below the surface of the adjoining ground it shall be covered by a roof of fire-resisting construction.

(c) All tanks shall be firmly placed in steel, concrete or brick saddles of adequate strength and stability or some other approved method. The Chief Fire Officer may require other additional safety precautions he may deem necessary to be complied with appertaining either to the tank or to apparatus or other equipment using fuel from such tank for any purpose whatsoever. Fire extinguishing appliances shall be installed to the satisfaction of the Chief Fire Officer.

*Conditions of Certificate of Registration.*

9.(1) No person shall store, use or handle or cause to be stored, used or handled on any premises —

(b) In die geval van die massa opberging van vloeistowwe, olie of ander stowwe wat geberg of gebruik word of geberg of gebruik sal word vir verhitting of vir enige ander doel, moet die prosedure en bepalings van artikels 4, 5 en 33 tot en met 46 gevolg word en is *mutatis mutandis* van toepassing, behalwe dat die Brandweerhoof met verwysing na artikel 35(2) na goeddunke bogrondse opgaartenks kan toelaat onderworpe aan die volgende voorwaardes: —

(i) Die inhoudsvermoë van enige tenk wat vloeistof met 'n flitspunt van meer as 55 °C maar minder as 90 °C bevat, en nie in 'n gebou geïnstalleer is nie, mag nie 2,3 *kl* oorskry nie, en sodanige tenk mag nie nader as 6 m van enige beskermde gebou of 4,5 m van enige openbare deurgang geleë wees nie.

(ii) Die inhoudsvermoë van enige tenk wat vloeistowwe, olie of ander stowwe met 'n flitspunt van meer as 90 °C bevat en nie in 'n gebou geïnstalleer is nie, en waarvan enige deel nie meer as 6 m van enige deel van 'n gebou geleë is nie, mag nie 23 *kl* oorskry nie, en indien sodanige tenk so geplaas is dat dit nie heeltemal onder die omliggende grondhoogte geleë is nie, moet daar aan die volgende vereistes voldoen word: —

(aa) Indien die tenk binne 2 m van 'n gebou geleë is, tensy die deel van die muur van die gebou wat binne 6 m van die tenk geleë is van brandbestande materiaal gebou en syferdig is, moet dit in 'n tenkkamer gebou word.

(bb) Indien die tenk meer as 2 m maar minder as 6 m van 'n gebou staan, moet dit in 'n tenkkamer geplaas word tensy dié gedeelte van die muur van die gebou binne 6 m van die tenk en enige opening daarin van brandbestande konstruksie is of 'n skeidsmuur van brandbestande materiaal tussen die tenk en die gebou opgerig word: Met dien verstande dat sodanige skeidsmuur gelyktydig met die tenk opgerig moet word sodat dit minstens 1 m aan weerskante van die uiterste van die tenk verbysteek, en sodanige skeidsmuur fondamente van voldoende sterkte moet hê en vir die volle lengte van die muur bokant die grondoppervlakte uitgebou moet wees tot 'n hoogte van minstens 1 m bokant die hoogste punt van die tenk.

(iii) Indien die opgaartenk so geplaas is dat dit heeltemal onder die oppervlakte van die omliggende grond geleë is, moet dit bedek word met 'n dak van brandbestande materiaal.

(c) Alle tenks moet stewig geplaas word in staal, beton of steenstutte van voldoende sterkte en stabiliteit of enige ander goedgekeurde metode. Die Brandweerhoof kan ander bykomende veiligheidsmaatreëls wat hy nodig ag en waaraan voldoen moet word, oplê met betrekking tot die tenk of apparaat, of ander toerusting wat brandstof uit sodanige tenk gebruik vir watter doel ook al. Brandblusapparaat moet tot voldoening van die Brandweerhoof geïnstalleer word.

*Voorwaardes van die Registrasiesertifikaat.*

9.(1) Niemand mag op enige perseel —

(a) any quantity of flammable liquid in excess of the amount specified in the certificate of registration relating to such premises;

(b) any flammable liquid other than the class or classes specified in the certificate of registration relating to such premises;

(c) any flammable liquid in a manner other than the manner specified in the certificate of registration relating to such premises; or

(d) a greater number of pumps, storage tanks or stores than specified in the certificate of registration relating to such premises.

(2) Any person in lawful possession of any certificate of registration may make written application to the Council for the amendment of the total quantity or the class of flammable liquid specified in such certificate. Such application shall be granted by the Council only when the proposed amendment is in conformity with the provisions of these by-laws. Where the Council has granted any such application, such person shall surrender the certificate of registration to the Council for amendment.

*Display of Certificate of Registration.*

10. Any person to whom a certificate of registration has been issued shall cause such certificate to be affixed and maintained in a conspicuous position on the registered premises. Such certificate shall be maintained at all times in such position and in a legible condition.

*Renewal of Certificate of Registration or Spray Permit.*

11. Application for the annual renewal of a certificate of registration or spray permit shall be made not later than the 15th day of November of the year prior to that for which such renewal is required, on a form to be provided by the Council and shall be accompanied by the prescribed charge as set out in Schedule 1 hereto. No plans of the premises in terms of section 4 shall be required in the case of a renewal of a certificate of registration or spray permit, unless called for at the discretion of the Council.

*Transfer of Certificate of Registration or Spray Permit.*

12.(1) A certificate of registration or spray permit may be transferred from one person to another.

(2) The person desiring such transfer shall apply in writing to the Council on a form to be provided by the Council for such purpose. Such application shall be accompanied by the prescribed charge as set out in Schedule 1 hereto, together with the certificate of registration or spray permit relating to the premises in respect of which such transfer is desired.

(3) No certificate of registration or spray permit shall be transferable from one premises to another.

*Temporary Storage.*

13.(1) The Council may in writing exempt from the provisions of section 6 for such period as it may deem necessary any person wishing to store more than 50 litres of Class A flammable liquid or more than 400 litres of Class B flammable liquid required for or in connection

(a) meer vlambare vloeistof as die hoeveelheid wat op die registrasiesertifikaat wat op sodanige perseel betrekking het, aangegee word;

(b) enige vlambare vloeistof, uitgesonderd die klas of klasse wat op die registrasiesertifikaat wat op sodanige perseel betrekking het, aangegee word;

(c) enige vlambare vloeistof op 'n ander wyse as dié wat op die registrasiesertifikaat wat op sodanige perseel betrekking het, aangedui word; of

(d) meer pompe, opbergtenks, of pakkamers as dié wat op dié registrasiesertifikaat wat op sodanige perseel betrekking het, aangegee word;

opberg, gebruik of hanteer of laat opberg, gebruik of hanteer nie.

(2) Enigiemand wat in wettige besit van 'n registrasiesertifikaat is, kan by die Raad skriftelike aansoek doen om die totale hoeveelheid of die klas vlambare vloeistof wat op so 'n sertifikaat aangegee word, te laat wysig. Die Raad staan so 'n aansoek slegs toe indien die voorgestelde wysiging voldoen aan die bepalings van hierdie verordeninge. Indien die Raad so 'n aansoek toegestaan het, moet so 'n persoon die registrasiesertifikaat by die Raad indien sodat dit gewysig kan word.

*Vertoning van Registrasiesertifikaat.*

10. Enigiemand aan wie 'n registrasiesertifikaat uitgereik is, moet die sertifikaat op 'n opvallende plek op die geregistreerde perseel laat aanbring en onderhou. Sodanige sertifikaat moet te alle tye in 'n leesbare toestand op dié plek in stand gehou word.

*Hernuwing van Registrasiesertifikaat of Spuitpermit.*

48. No person shall carry on or cause or permit to be carried on the trade, business or occupation of filling container with Class A flammable liquid otherwise than in a fire-resisting building adequately ventilated: Provided that such filling may be conducted in the open air if, in the opinion of the Chief Fire Officer, it is not carried out at such a place or in such circumstances that there is a danger either of the liquid or the vapour therefrom becoming ignited, or that, in the event of fire, any structure or building will be endangered or the escape of persons or animals from premises to a place of safety will be obstructed or impeded.

*Quantity of Flammable Liquid in Containers.*

49. No container shall be filled with flammable liquid to more than 95 per cent of its capacity.

(3) Die elektriese draadleiding tussen die verdeelbord of die aansluitkas en die pomp moet, waar moontlik, een deurlopende stuk draad wees: Met dien verstande dat indien dit onmoontlik is, daar vlamdigte aansluitkaste gebruik moet word.

*Onderhoud van Tenks, Pypleidings en Pompe.*

46.(1) Alle tenks, pypleidings, pompe, masjinerie, toebehore en toestelle vir die opberging, gebruik of hantering van vlambare vloeistof moet —

(a) stewig en sterk gemaak wees;

(b) sodanig aangebring en vasgeheg word dat dit nie moontlik beskadig kan raak nie;

(c) doeltreffend elektries geaard wees;

(d) sodanig aangebring en vasgeheg word dat dit nie wat redelikerwys moontlik is, ook nie vlambare vloeistofdampe, uitgesonderd deur middel van 'n lugpypie, laat ontsnap nie; en

(e) te alle tye in 'n behoorlike en goeie toestand, ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel, in stand gehou word.

(2) Alle pypleidings moet onder die grondvlak wees, en moet reghoekig met die boulyn wees wanneer dit 'n openbare sypaadjie kruis.

(3) Alle elektriese aardsluitings wat kragtens hierdie artikel vereis word, moet een keer elke 12 maande deur 'n gekwalifiseerde persoon ondersoek word, wat in 'n geskikte logboek wat deur die okkupant van die perseel verskaf, en uitsluitend vir die doel aangehou moet word, aantekeninge in verband met die doeltreffendheid en toestand van sodanige aardsluitings, benewens sy naam en adres en die datum waarop die ondersoek ingestel is, moet inskrywe. Alle sodanige inskrywings moet deur so 'n gekwalifiseerde persoon, onderteken word en moet geredelik vir inspeksie deur 'n behoorlik-gemagtigde beampte van die Raad beskikbaar wees.

*Bou van Draagbare Houers.*

47. Niemand mag meer as 50 liter Klas A vlambare vloeistof in een houer opberg of vervoer, laat opberg of vervoer, of toelaat dat dit daarin opgeberg of vervoer word nie, tensy sodanige houer van metaal wat minstens 1,5 mm dik is, vervaardig is.

*Vul van Houers.*

48. Niemand mag die bedryf, beroep of besigheid waar houers met Klas A vlambare vloeistof volgemaak word, uitoefen of dryf, laat uitoefen of dryf of toelaat dat dit geskied nie, uitgesonderd in 'n brandbestande gebou wat toereikend geventileer is: Met dien verstande dat sodanige vulwerk in die buitelug kan geskied indien die Brandweerhoof van mening is dat dit nie op 'n plek of onder omstandighede verrig word waar daar die gevaar bestaan dat òf die vloeistof, òf die dampe daarvan, aan die brand kan slaan of dat, indien daar 'n brand uitbreek, enige bouwerk of gebou in gevaar gestel word of dat persone of diere verhinder word om van die perseel af na 'n veilige plek te ontkom of dat hulle ontkoming belemmer word nie.

*Hoeveelheid Vlambare Vloeistof in Houers.*

49. Geen houer mag meer vlambare vloeistof as 95 persent van sy inhoudsvermoë bevat nie.

*Containers after Delivery.*

50. No person taking delivery of any flammable liquid in containers in excess of the quantity stated in section 6 or under circumstances of temporary storage provided for in section 13, shall cause or permit such containers to remain unattended in any place other than a store or storage tank for a longer period than may be reasonably necessary which, in no circumstances, shall exceed a period of 12 hours.

*Storage of Empty Containers.*

51.(1) No person shall place any empty container or cause or permit any empty container to be placed in any premises other than a store: Provided that —

(a) such container may be stored in the open air in such a position that, in the opinion of the Chief Fire Officer, it is, in the event of fire, not likely to obstruct or impede the escape to safety from any premises of persons or animals or to endanger any room or building;

(b) no person shall cause or allow any empty container to remain in or on any public place.

(2) Every empty container so stored shall at all times be securely closed with a bung or other suitable stopper.

*Repairing of Containers.*

52. No person shall carry out or permit to be carried out any repairing operations to any container until all flammable liquid and flammable liquid vapours have been removed from such container.

*Marking of Containers.*

53. No person shall supply or deliver to any person any Class A flammable liquid in any container of less than 200 litres capacity, unless such container bears in conspicuous letters the word "FLAMMABLE" in both official languages.

STORES.

*Capacity of Stores.*

54. The certificate of registration issued in respect of any store shall state the class and maximum quantity of flammable liquid permitted to be kept in such store at any one time.

*Danger Notice on Store.*

55. No person shall use as such or cause or permit to be used as such any flammable liquid store, unless and until the words "DANGER — FLAMMABLE LIQUID — NO SMOKING" in letters not less than 75 mm in height is prominently displayed in a position where it will be visible from the outside whether the door be open or closed. Such notice shall at all times be maintained in such position and in a legible condition.

*Construction and Situation of Store.*

56.(1) Every store shall be constructed in accordance with the following requirements: —

*Houers na Aflewering.*

50. Niemand wat meer vlambare vloeistof in houers as die hoeveelheid wat in artikel 6 aangegee word, of wat vlambare vloeistof vir tydelike opberging, soos bepaal in artikel 13 in ontvangs neem, mag sodanige houers langer as wat redelikerwys noodsaaklik is, op enige plek, uitgesonderd in 'n pakkamer of opbergtenk, onbewaak laat bly nie, of toelaat dat dit geskied nie, en onder geen omstandighede mag die tydperk 12 uur oorskry nie.

*Opberging van Leë Houers.*

51.(1) Niemand mag 'n leë houer in 'n ander perseel as in 'n pakkamer plaas, laat plaas of toelaat dat dit daar geplaas word nie: Met dien verstande dat —

(a) so 'n houer in die buitelug op sodanige plek opgeberg kan word waar dit, na die mening van die Brandweerhoof, in geval van 'n brand, waarskynlik nie persone of diere sal verhinder om van enige perseel af na 'n veilige plek te ontkom, of hulle ontkoming sal belemmer nie, of enige vertrek of gebou in gevaar sal stel nie;

(b) niemand enige leë houer in of op 'n openbare plek mag laat staan of toelaat dat dit daar staan nie.

(2) Elke leë houer wat aldus opgeberg word, moet te alle tye behoorlik met 'n spon of geskikte prop toe wees.

*Herstel van Houers.*

52. Niemand mag herstelwerk aan 'n houer verrig of toelaat dat dit verrig word, alvorens alle vlambare vloeistof en vlambare vloeistofdampe uit die houer verwyder is nie.

*Houer moet Gemerk wees.*

53. Niemand mag aan enigiemand Klas A vlambare vloeistof in 'n houer met 'n kleiner inhoudsvermoë as 200 liter verskaf of aflewer nie, tensy die woord "VLAMBAAR" in opvallende letters in albei amptelike tale op sodanige houer staan.

PAKKAMERS.

*Inhoudsvermoë van Pakkamers.*

54. Die registrasiesertifikaat wat ten opsigte van 'n pakkamer uitgereik word, moet die klas en die grootste hoeveelheid vlambare vloeistof wat te eniger tyd in sodanige pakkamer gehou mag word, aangee.

*Gevaarkennisgewing aan Pakkamers.*

55. Niemand mag 'n pakkamer vir vlambare vloeistof as sodanig gebruik, laat gebruik, of toelaat dat dit as sodanig gebruik mag word nie, tensy en alvorens die woorde "GEVAAR — VLAMBARE VLOEISTOF — MOENIE ROOK NIE" in letters wat minstens 75 mm hoog is, in 'n opvallende posisie vertoon word waar dit van die buitekant, of die deur oop of toe is, sigbaar is. Sodanige kennisgewing moet te alle tye op sodange plek in 'n leesbare toestand in stand gehou word.

*Bou en Ligging van Pakkamer.*

56.(1) Elke pakkamer moet ooreenkomstig die volgende vereistes gebou word: —

(a) The walls shall be constructed of brick or concrete, the floor of concrete or other impervious material, and the roof of reinforced concrete: Provided that the roof may be constructed of other non-combustible material, where such store is not likely to endanger any room, building or adjoining premises in case of fire.

(b) The store shall be fitted with a hardwood door of a thickness of not less than 50 mm, completely covered with metal of not less than 0,9 mm in thickness carried on a metal door frame, or well fitted metal door of not less than 3 mm in thickness, carried on an angle frame and having an all-round overlap of not less than 50 mm. Such door shall open outwards, and be fitted with a substantial lock. The type of door fitted shall be at the discretion of the Chief Fire Officer.

(c) All window frames shall be constructed of metal, glazed with wire woven glass and shall be of the non opening type. Each pane shall not exceed 450 mm x 450 mm.

(d) Every store shall be constructed in such a manner or surrounded by walls or bunds of such a character that the flammable liquid contained therein cannot escape therefrom. The well formed by such walls or bunds shall be of sufficient capacity to contain the maximum liquid capacity of the store plus 10 per cent thereof.

(e) the store shall be ventilated in such a manner as will adequately prevent the accumulation of flammable liquid vapour within all parts of such store and discharge the vapour into the open air at a point or points where the vapour is not likely to come into contact with any fire, flame, open light or other agency likely to ignite it. The ventilation may be created by either of the following two methods: —

(i) Terra-cotta air-bricks measuring 215 mm by 140 mm shall be built into the wall at distances of not more than 450 mm on all free walls: Provided that at least two such free walls shall be opposite each other and that the lower edge of such air-bricks shall be at bund level.

(ii) A mechanical system of exhaust ventilation shall be installed should the store be inside a building or where a well is of greater depth than 300 mm or, if in the opinion of the Chief Fire Officer, the store would be inadequately ventilated by means of method (i). Such exhaust apparatus installed shall be of flameproof construction and shall be capable of removing flammable vapour and changing the air through any cross-section of the store at least 30 times in every hour. The exhaust vents shall be constructed so as to conform to and comply with the provisions of section 103(1)(h). The exhaust system and lighting for the store shall be operated by means of a courtesy switch fitted to the door of such store.

(f) All air-bricks shall be protected by non-corrodible wire gauze with a mesh aperture not exceeding 600 micrometre.

(a) Die mure moet van baksteen of beton, die vloer van beton of ander syferdigte materiaal, en die dak van gewapende beton gebou wees: Met dien verstande dat die dak van ander nie-brandbare materiaal gebou kan wees, indien sodanige pakkamer in die geval van brand nie moontlik 'n ander kamer, gebou of aangrensende perseel in gevaar sal stel nie.

(b) Die pakkamer moet voorsien wees van 'n hardehoutdeur wat minstens 50 mm dik is en wat geheel en al met metaal van minstens 0,9 mm dikte bedek is en aan 'n ysterkosyn bevestig is; of van 'n metaaldeur van minstens 3 mm dik, wat goed aan 'n hoekysterkosyn bevestig is en wat 'n oorslag van minstens 50 mm rondom het. Sodanige deur moet na buitekant toe oopgaan en 'n sterk slot aanhê. Die tipe deur wat gepas word, moet volgens die diskresie van die Brandweerhoof wees.

(c) Alle vensterrame moet van metaal gemaak wees en draadglasruite in hê wat nie oopgemaak kan word nie. Elke ruit moet nie groter as 450 mm x 450 mm wees nie.

(d) Elke pakkamer moet op so 'n wyse gebou wees of deur mure of walle van so 'n aard omring wees dat die vlambare vloeistof wat daarin is, nie daaruit kan ontsnap nie. Die put wat deur sodanige mure of walle gevorm word, moet groot genoeg wees om die grootste hoeveelheid vloeistof wat in die pakkamer opgeberg kan word, plus nog 10 persent daarvan, te hou.

(e) Die pakkamer moet sodanig geventileer word dat dit die akkumulasie van vlambare vloeistofdampe op alle plekke in die pakkamer verhoed, en sodanige dampe in die buitelug laat ontsnap by 'n plek of by plekke waar sodanige dampe nie moontlik in aanraking met enige vuur, vlam, oop lig of 'n ander middel wat moontlik sodanige dampe aan die brand kan laat slaan, sal kom nie. Die ventilasie kan bewerkstellig word deur middel van enige van die volgende twee metodes: —

(i) Terra-cotta lugstene met afmetings van 215 mm by 140 mm moet nie verder as 450 mm uitmekaar in al die buitemure ingebou word: Met dien verstande dat minstens twee van die buitemure teenoor mekaar moet wees en die onderste rand van sodanige lugstene moet op walhoogte aangebring word.

(ii) 'n Meganiese ventilasiestelsel moet geïnstalleer word in die geval waar 'n pakkamer binne 'n gebou geleë is, of waar 'n put dieper as 300 mm is of, indien na die mening van die Brandweerhoof, onvoldoende ventilasie deur metode (i) verkry word. Sodanige ventilasiestelsel wat geïnstalleer is, moet van vlamdigte konstruksie wees en moet in staat wees om minstens 30 maal per uur deur enige dwarssnee van die pakkamer vlambare dampe doeltreffend uit die pakkamer te verwyder en die lug daarin te verander. Die ventilasieopeninge moet sodanig ontwerp wees dat dit aan die vereistes van artikel 103(l)(h) voldoen. Die ventilasiestelsel en ligte van die pakkamer moet beheer word vanaf 'n sekeringskakelaar wat aan die deur gemonteer is.

(f) Alle lugstene moet deur middel van gaasdraad met openings van nie meer as 600 mikrometer grootte en wat teen roes bestand is, beskerm word.

(g) A store shall not be situated in such a position that it will impede the escape of any person or animal from the premises, or endanger any room, building, or premises in the case of fire.

(h) Any store with a floor area in excess of 10 m² shall be provided with at least two doors, constructed as described in paragraph (b), situated at such distance from each other as to allow the free and unimpeded escape of persons within the store from either door in the case of fire or other danger.

(2) Subject to the requirements of section 4 and notwithstanding anything to the contrary contained in these by-laws, a store may be constructed of non-combustible material if —

(a) such store has no building nearer to it than a minimum of 15 m; and

(b) it is surrounded by the necessary wall or impervious bund as provided in subsection (1)(a).

(3) Every store shall be maintained at all times in accordance with the provisions of this section.

*Lighting of Store.*

57. All lights installed shall be enclosed in an outer flame-proof fitting and all wiring shall be armoured cable or enclosed in seamless metal tubes the junctions of which are screwed together. All switches, junction boxes, fuses and other electrical equipment shall be outside the store.

*Use of Store.*

58. No person shall —

(a) use any store or cause or permit such store to be used for any purpose other than the storage, use or handling of flammable liquids and substances;

(b) engage in or cause or permit any other person to be engaged in any store unless all the doors of the store are fully open and kept entirely unobstructed.

*Unauthorized Persons Entering Store.*

59. No person shall enter any store or cause or permit any store to be entered without the express permission of the occupier or other responsible person in charge of such store.

BULK DEPOTS.

*Danger Notice at Entrance.*

60. Prominent notice boards bearing the words "DANGER — FLAMMABLE LIQUID — NO SMOKING" in letters not less than 150 mm in height in both official languages shall be erected at all entrances to bulk depots and shall at all times be maintained in such position and in legible condition.

*Storage.*

61.(1) Flammable liquid shall be stored in bulk depots as follows: —

(g) 'n Pakkamer mag nie so geleë wees dat dit, in die geval van brand, enige persoon of dier sal verhinder om van die perseel af te ontsnap, of enige vertrek, gebou, of perseel in gevaar sal stel nie.

(h) 'n Pakkamer met 'n groter vloeroppervlakte as 10 m² moet minstens twee deure in hê, wat gemaak is soos beskryf word in paragraaf (b), en wat op so 'n afstand van mekaar af is dat persone in die pakkamer, in die geval van brand of ander gevaar, vry en onbelemmerd deur enige van die deure kan ontsnap.

(2) Onderworpe aan die bepalings van artikel 4 en ondanks andersluidende bepalings wat in hierdie verordeninge vervat is, kan 'n pakkamer van nie-brandbare materiaal gebou word, indien —

(a) daar geen gebou nader as 15 m van die pakkamer af staan nie; en

(b) dit omring is deur die vereiste muur of die syferdigte wal, soos in subartikel (1)(a) bepaal.

(3) Elke pakkamer moet te alle tye ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel onderhou word.

*Beligting van Pakkamer.*

57. Alle ligte wat aangebring word moet 'n vlamdigte buite onhulsel hê, en alle draadleidings moet gepantserde kabel wees, of moet in naatlose metaalbuise waarvan die lasse vasgeskroef word, ingesluit wees. Alle skakelaars, aansluitkaste, sekerings en ander elektriese toerusting moet buite die pakkamer geleë wees.

*Gebruik van Pakkamer.*

58. Niemand mag —

(a) 'n pakkamer gebruik, laat gebruik, of toelaat dat dit gebruik word vir enige ander doel as om vlambare vloeistowwe en stowwe daarin op te berg, te gebruik of te hanteer nie.

(b) iemand anders in 'n pakkamer in diens hê of veroorsaak of toelaat dat hy daar in diens is nie tensy al die deure van die pakkamer heeltemal oopstaan of geheel en al onversper gehou word.

*Ongemagtigde Persone wat 'n Pakkamer Binnegaan.*

59. Niemand mag 'n pakkamer binnegaan, iemand dit laat binnegaan of toelaat dat iemand dit binnegaan sonder die uitdruklike toestemming van die okkupant of 'n ander verantwoordelike persoon wat in beheer van sodanige pakkamer is nie.

GROOTMAATDEPOTS.

*Gevaarkennisgewings by die Ingang.*

60. Opvallende kennisgewings met die woorde "GEVAAR — VLAMBARE VLOEISTOF — MOENIE ROOK NIE" duidelik in albei amptelike tale daarop, in letters wat minstens 150 mm hoog is, moet by al die ingange na die grootmaatdepots opgerig word, en moet te alle tye op dié plekke in 'n leesbare toestand in stand gehou word.

*Opberging.*

61.(1) Vlambare vloeistof moet soos volg in grootmaatdepots opgeberg word: —

(a) Underground storage tanks.

(b) Aboveground storage tanks.

(c) Bulk stores.

(2)(a) Every such aboveground storage tank, or group of such tanks, with a total capacity of over 55 *kl* shall be surrounded by either an embankment (hereinafter called a retaining embankment) or a retaining wall of brick and cement or reinforced or plain concrete (hereinafter called a retaining wall), so designed and constructed as to form a reservoir capable of containing and retaining the quantity of liquid required to be retained in accordance with paragraph (e): Provided that the top of such retaining embankment or retaining wall shall be at least 75 mm higher than is necessary to contain and retain such quantity of liquid.

(b) The retaining embankment shall be at least 600 mm thick at the top with slopes on each side of 1,5 to 1. Such embankment shall be constructed with a central core of concrete not less than 200 mm thick at the top with a slope on each side of 1 in 24 to the level of the interior of the area enclosed. The core, of the same thickness as at this level, shall be taken down to such a depth, depending on the nature of the soil, as will effectually prevent any leakage of liquid. The earthwork around the core shall be composed of materials well watered and consolidated.

(c) The retaining wall shall be constructed in accordance with the following requirements: —

(i) It shall be capable of resisting the full overturning movement of the liquid in the enclosed reservoir when filled to within 75 mm of the top with a liquid of the same specific gravity as water.

(ii) If such wall constitutes a partition between two reservoirs, it shall be capable of withstanding thrust from either side.

(iii) Every retaining wall shall be taken down to such depth and be provided with such foundations, depending on the nature of the soil, as will ensure stability in all respects and effectually prevent any leakage of liquid.

(iv) Every retaining wall of reinforced concrete shall not be less than 150 mm in thickness at the top and the tensible portion of the stresses shall be wholly taken up by steel rods placed not nearer the surface thereof than 50 mm.

(v) The concrete stress shall not exceed 4,8 Megapascal and the stress in the steel 110 Megapascal under fully loaded conditions.

(d) Adequate provision shall be made to dispose of any water which may be retained by any such retaining embankment or wall. Any drain pipe through such embankment or wall shall be fitted with a cast iron valve on the outside which, except when in use, shall be kept closed and adequately locked.

(e) The retaining capacity of such enclosed reservoir surrounding any tank or groups of tanks shall be as follows: —

(i) Not less than 90 per cent of the total capacity of such tank where there is not more than one tank within such enclosed reservoir.

(a) In ondergrondse opbergtenks.

(b) In bogrondse opbergtenks.

(c) In grootmaatpakhuise.

(2)(a) Elke sodanige bogrondse opbergtenk of groep sodanige tenks met 'n totale inhoudsvermoë van meer as 55 *kl* moet òf deur 'n wal (hierna 'n steunwal genoem) òf deur 'n steunmuur van baksteen en sement of van gewapende of ongewapende beton (hierna 'n steunmuur genoem) omring wees, wat sodanig ontwerp en gebou is dat dit 'n reservoir vorm wat in staat is om die hoeveelheid vloeistof wat ooreenkomstig paragraaf (e), daarin gehou moet word, te bevat en te behou: Met dien verstaande dat die kruin van sodanige steunwal of steunmuur minstens 75 mm hoër moet wees as wat noodsaaklik is om sodanige hoeveelheid vloeistof te bevat en te behou.

(b) Die steunwal moet bo minstens 600 mm dik wees, met 'n helling aan elke kant van 1,5 op 1. Sodanige walle moet gebou word met 'n betonkern wat bo minstens 200 mm dik is, en met 'n helling aan elke kant van 1 op 24 tot op die vlak van die binnekant van die ingeslote ruimte.

Die kern moet met dieselfde dikte as wat dit op hierdie vlak het, na gelang van die soort grond, so diep afgevoer word dat dit doeltreffend sal voorkom dat enige vloeistof uitlek. Die grondwal om die kern moet van materiaal wees wat deeglik natgemaak en vasgestamp is.

(c) Die steunmuur moet ooreenkomstig die volgende vereistes gebou word: —

(i) Dit moet in staat wees om die hele kantelingsmoment van die vloeistof wat in die ingeslote reservoir is wanneer dit tot 75 mm van bo af volgemaak is met vloeistof met dieselfde soortlike gewig as water, te kan weerstaan.

(ii) Indien sodanige muur 'n afskorting tussen twee reservoirs vorm, moet dit in staat wees om die drukking van beide kante af te kan weerstaan.

(iii) Elke steunmuur moet, na gelang van die soort grond, so diep afgevoer word en sodanige fondamente hê, dat dit in alle opsigte stewig is en doeltreffend sal voorkom dat vloeistof uitlek.

(iv) Elke steunmuur van gewapende beton moet bo minstens 150 mm dik wees, en die trekspanning moet heeltemal deur staalstawe, wat hoogstens 50 mm van die oppervlak daarvan af aangebring is, opgeneem word.

(v) Die betonspanning moet nie 4,8 Megapascal en die spanning in die staal 110 Megapascal onder belasting, oorskry nie.

(d) Daar moet voldoende voorsorg getref word om water wat deur sodanige steunwalle of -mure opgedam mag word, af te voer. Enige afvoerpyp deur so 'n wal of muur moet met 'n gietysterklep aan die buitekant voorsien wees wat, behalwe wanneer dit gebruik word, toe en behoorlik gesluit gehou moet word.

(e) Die stukapasiteit van sodanige ingeslote reservoir wat enige tenk of groep tenks omring, moet soos volg wees: —

(i) Minstens 90 persent van die totale inhoudsvermoë van sodanige tenk indien daar hoogstens een tenk binne sodanige ingeslote reservoir is.

(ii) Not less than 80 per cent of the total capacity of such tanks where there are two tanks within the same enclosed reservoir.

(iii) Not less than 75 per cent of the total capacity of all such tanks where there are more than two tanks within the same enclosed reservoir:

Provided that the retaining capacity of the enclosed reservoir surrounding any tank or group of tanks need not be greater than at least 50 per cent of the total capacity of the tank or tanks, as the case may be, if such tank or group of tanks are constructed with a floating roof or provided with any other type of roof which effectively eliminates any space above the level of the liquid in such tank or group of tanks and is approved by the Council.

(f) The area enclosed by such retaining embankment or wall not occupied by any storage tank shall, except for the purpose of carrying out repairs, alterations or additions to such tanks, be kept entirely free and unoccupied.

(g) The provisions in terms of paragraphs (b) and (c) shall not apply to any existing reservoir in use at the date of publication of these by-laws.

(3) Every bulk store shall be constructed so as to conform with the provisions of section 56, except paragraph (d). The well formed by walls or bunds shall in this instance be of sufficient capacity to contain 50 per cent of the total quantity of liquid contained therein.

*Tank Distances.*

62. All storage tanks shall in regard to the sizes set out in the first column hereunder be separated from the boundary of the bulk depot and from each other by the distances set out in the second and third columns hereunder respectively: —

| | *Capacity of Tank* kl | *Distance from Boundary* m | *Distance between Tanks* m |
|---|---|---|---|
| Up to | 60 | 6 | 1 |
| Up to | 100 | 8 | 1 |
| Up to | 150 | 9 | 1,5 |
| Up to | 200 | 11 | 3 |
| Up to | 300 | 12 | 4,5 |
| Up to | 400 | 14 | 5,5 |
| Up to | 500 | 15 | 6 |
| Up to | 1 000 | 15 | 8 |
| Up to | 2 500 | 15 | 9 |
| Up to | 5 000 | 15 | 12 |
| Over | 5 000 | 15 | 15 |

Provided that —

(a) where tanks of varying capacities are to be grouped, the distances from the boundaries shall be observed

(ii) Minstens 80 persent van die totale inhoudsvermoë van sodanige tenks indien daar twee tenks binne dieselfde ingeslote reservoir is.

(iii) Minstens 75 persent van die totale inhoudsvermoë van al sodanige tenks indien daar meer as twee tenks binne dieselfde ingeslote reservoir is:

Met dien verstande dat die stukapasiteit van die ingeslote reservoir, wat enige tenk of groep tenks omring, nie meer as minstens 50 persent van die totale inhoudsvermoë van die tenk of tenks, na gelang van die geval, hoef te beslaan nie indien die tenk of tenks met 'n drywende of 'n ander soort dak gebou is wat enige ruimte bokant die vlak van die vloeistof in die tenk of tenks op doeltreffende wyse elimineer en wat deur die Raad goedgekeur is.

(f) Die ruimte wat deur sodanige steunwal of -muur omring word en wat nie deur 'n opbergtenk in beslag geneem word nie, moet uitgesonderd met die doel om herstelwerk te verrig of veranderings of toevoegings aan sodanige tenks aan te bring, heeltemal vry en onbeset gehou word.

(g) Die bepalings ingevolge paragrawe (b) en (c), is nie van toepassing op enige bestaande reservoir wat op die datum van afkondiging van hierdie verordeninge, in gebruik is nie.

(3) Elke grootmaatpakhuis moet sodanig ontwerp word dat dit aan die bepalings van artikel 56, uitgesonderd paragraaf (d), voldoen. Die putte wat deur mure of walle gevorm word, moet in hierdie geval van voldoende kapasiteit wees om 50 persent van die totale hoeveelheid vloeistof wat daarin is, te behou.

*Afstande van Tenks.*

62. Alle opbergtenks moet, met betrekking tot die groottes wat in die eerste kolom hieronder aangegee word, onderskeidelik die afstande wat in die tweede en derde kolomme hieronder aangegee word van die grens van die gootmaatdepot en van mekaar af verwyder wees: —

| | *Inhoudsvermoë van Tenk* kl | *Afstand van die Grens* m | *Afstand tussen die Tenks* m |
|---|---|---|---|
| Tot | 60 | 6 | 1 |
| Tot | 100 | 8 | 1 |
| Tot | 150 | 9 | 1,5 |
| Tot | 200 | 11 | 3 |
| Tot | 300 | 12 | 4,5 |
| Tot | 400 | 14 | 5,5 |
| Tot | 500 | 15 | 6 |
| Tot | 1 000 | 15 | 8 |
| Tot | 2 500 | 15 | 9 |
| Tot | 5 000 | 15 | 12 |
| Bo | 5 000 | 15 | 15 |

Met dien verstande dat —

(a) indien tenks van verskillende inhoudsvermoëns saam gegroepeer moet word, die afstande van die

but the distances between individual tanks shall be not less than the sum of the specified distances for each size of tank divided by 2;

(b) no building or structure shall be erected for the filling of containers with flammable liquids within 15 m of any storage tank or within 7,5 m of the boundary of any bulk depot; and

(c) where bulk depots belonging to different persons are situated on adjoining sites, the distance between any tank and their common boundary shall be half that prescribed for such tank in the second column above.

*Electric Motors.*

63. No person shall place or cause or permit to be placed any electric motor in any position where it is likely to come into contact with any flammable liquid or its vapour unless such motor is of flame-proof construction.

*Fire Appliances.*

64.(1) Every bulk depot shall be connected to the municipal water supply by means of a lead with a diameter of not less than a 100 mm.

(2) A fire pump connection for each fire service shall be installed in a position approved by the Council and within easy access of a street hydrant.

(3) A reflux valve to shut off the supply from the street mains when the pump connection is being used shall be fitted between the stand boundary and the pump connection.

(4) Standard pattern wheel valve hydrants fitted with instantaneous couplings with a diameter of 63,5 mm shall be located in positions approved by the Council and adjacent to buildings and tanks used for flammable liquid storage, at the rate of one for every 500 m² of floor area and one within 90 m of each bulk storage tank.

(5) 63,5 mm canvas fire hose and branch pipes with 19 mm nozzles of sufficient length for the adjacent area which is served by such hydrants shall be provided.

(6) Wheeled dry chemical type extinguishers of not less than 45 kg capacity, or other similar types of extinguishers, shall be installed where deemed necessary by the Council. Every building used for the storage of flammable liquid or flammable substances shall be provided with one dry chemical type fire extinguisher with a capacity of not less than 9 kg at the rate of one for every 500 m² of floor area.

(7) an adequate system of alarm in case of fire (such as bells, whistles or sirens) shall be installed.

(8) All persons employed at or in the bulk depot shall be periodically instructed in the use of all fire appliances.

*Filling of Road Tank Wagons.*

65. The filling of a road tank wagon with flammable liquid shall not be commenced or carried out at a bulk depot by any person —

grense af gehandhaaf moet word, maar die afstand tussen afsonderlike tenks minstens gelyk moet wees aan die totaal van die gespesifiseerde afstande ten opsigte van elke grootte tenk, gedeel deur 2;

(b) geen gebou of bouwerk, wat bedoel is om houers met vlambare vloeistof in vol te maak, binne 15 m van 'n opbergtenk af, of binne 7,5 m van die grens van 'n grootmaatdepot af, opgerig mag word nie; en

(c) waar grootmaatdepots aan verskillende persone op aangrensende persele behoort, moet die afstand tussen enige tenk en hul gemeenskaplike grens die helfte van die afstand wees soos voorgeskryf vir sodanige tenk in kolom twee hierbo.

*Elektriese Motore.*

63. Niemand mag 'n elektriese motor op 'n plek waar dit moontlik in aanraking met vlambare vloeistof of dampe daarvan kan kom, plaas, laat plaas, of toelaat dat dit daar geplaas word nie, tensy sodanige motor van vlamdigte konstruksie is.

*Brandblustoestelle.*

64.(1) Elke grootmaatdepot moet deur middel van 'n waterleiding van minstens 100 mm deursnit met die watertoevoer van die munisipaliteit verbind wees.

(2) 'n Brandspuitverbinding moet ten opsigte van elke brandbestrydingsleiding aangebring word op 'n plek wat deur die Raad goedgekeur is, en wat binne maklike bereik van 'n straatbrandkraan af is.

(3) 'n Terugslagklep om die toevoer van die straathoofleidings af te sluit wanneer die brandspuitverbinding gebruik word, moet tussen die grens van die standplaas en die brandspuitverbinding aangebring word.

(4) Standaard-wielklepbrandkrane wat voorsien is van blitsaankoppelinge met 'n middellyn van 63,5 mm, moet op plekke wat deur die Raad goedgekeur is, langs geboue en tenks, wat vir die opberging van vlambare vloeistof gebruik word, aangebring word, teen een per elke 500 m² vloeroppervlakte, en een binne 90 m van elke grootmaatopbergtenk af.

(5) 'n 63,5 mm seilbrandslang en vertakkingspype met 19 mm tuite en wat lank genoeg is om die aangrensende gebied te bereik, wat deur sodanige brandkraan bedien word, moet verskaf word.

(6) Brandblustoestelle van die chemiese tipe met wiele wat 'n inhoudsvermoë van minstens 45 kg het, of ander soortgelyke tipe brandblustoestelle, moet aangebring word waar dit deur die Raad nodig geag word. Elke gebou wat vir die opberging van vlambare vloeistof of vlambare stowwe gebruik word, moet met een droë chemiese brandblustoestel met 'n inhoudsvermoë van minstens 9 kg teen een ten opsigte van elke 500 m² vloeroppervlakte, voorsien word.

(7) 'n Doeltreffende alarmstelsel (soos byvoorbeeld klokke, fluite of sirenes) moet vir gebruik in geval van brand aangebring word.

(8) Almal wat by, of in die grootmaatdepot in diens is, moet van tyd tot tyd in die gebruik van alle brandblustoestelle onderrig word.

*Vul van Tenkvragmotors.*

65. Niemand mag 'n tenkvragmotor by 'n grootmaatdepot met vlambare vloeistof volmaak of begin volmaak nie —

(a) at a lesser distance than 7,5 m from any storage tank or building above ground or boundary of such depot;

(b) unless and until all pipes have been efficiently earthed; or

(c) unless good and sufficient metallic contact has been made and is maintained between such road tank wagon and the metal pipeline to prevent the building up of a static charge of electricity on such wagon.

*Starting of Engine at Filling Point.*

66. No person shall at a bulk depot start, or cause or permit to be started the engine of a road tank wagon or any mechanically propelled vehicle if such road tank wagon or vehicles is within 6 m of any place where filling operations are taking place not under seal or in any place in which such wagon or vehicle comes or is likely to come into contact with flammable liquid or its vapour.

*Steam Engines.*

67. Where it is necessary for steam locomotives to enter a bulk depot, the occupier shall erect a notice board bearing the words "LOCOMOTIVES MUST NOT PASS THIS POINT" in letters not less than 150 mm in height in both official languages. The board shall be placed in a conspicuous position at a distance of not less than 15 m from any operation dealing with flammable liquids or storage thereof. No flammable liquid or open container containing flammable vapour shall be placed or stored at a distance of less than 15 m from any portion of the track which may be traversed by a steam locomotive.

*Admission to Depots.*

68. No person shall —

(a) enter any bulk depot without the express permission of the occupier or the person authorized by the occupier to be in charge of such depot;

(b) enter any bulk depot in possession of any matches, cigarette lighter or similar contrivance; or

(c) commit any act which is liable or calculated to cause fire or explosion or to endanger the depot or its contents.

*Supervision of Depots.*

69. The occupier of a bulk depot shall ensure that a responsible person duly authorized thereto, shall at all times during working hours be on constant duty at such depot to ensure against fire hazards or other contingencies which may be a danger to life or property, and that a reliable watchman is always on duty at the depot after normal working hours.

TRANSPORT OF FLAMMABLE LIQUID.

*Transport Permit.*

70. Save as provided in section 80, no person shall use or cause or permit to be used in or on any public

(a) op 'n kleiner afstand as 7,5 m van 'n opbergtenk of gebou bokant die grond, of van die grens van sodanige depot af nie;

(b) tensy en alvorens alle pype doeltreffend geaard is nie; of

(c) tensy 'n behoorlike en doeltreffende metaalaansluiting tussen sodanige tenkvragmotor en die metaalpypleiding bewerkstellig en onderhou word, ten einde te voorkom dat 'n lading statiese elektrisiteit in sodanige vragmotor opgebou word.

*Aanskakel van Enjin by Volmaakplek.*

66. Niemand mag die enjin van 'n tenkvragmotor of enige voertuig wat meganies aangedryf word, by 'n grootmaatdepot aan die gang sit, dit aan die gang laat sit, of toelaat dat dit aan die gang gesit word, indien sodanige tenkvragmotor of voertuig binne 6 m van 'n plek af is waar die vulwerksaamhede nie by wyse van verseëlde oorplasing geskied nie, of 'n plek waar sodanige vragmotor of voertuig in aanraking met vlambare vloeistof of dampe daarvan kom of moontlik kan kom nie.

*Stoomlokomotiewe.*

67. Waar dit vir 'n stoomlokomotief nodig is om 'n grootmaatdepot binne te gaan, moet die okkupant 'n kennisgewing met die woorde daarop "LOKOMOTIEWE MAG NIE BY HIERDIE PUNT VERBYGAAN NIE" in letters wat minstens 150 mm hoog is, in albei amptelike tale aanbring. Die kennisgewing moet op 'n opvallende plek minstens 15 m van die plek waar daar met vlambare vloeistof gewerk of waar dit opgeberg word opgerig word. Geen vlambare vloeistof of oop houer wat vlambare dampe bevat, mag nader as 15 m van enige gedeelte van die pad waaroor 'n stoomlokomotief loop, geplaas op opgeberg word nie.

*Toegang tot Depots.*

68. Niemand mag —

(a) 'n grootmaatdepot sonder die uitdruklike toestemming van die okkupant of van die persoon wat deur die okkupant gemagtig is om oor sodanige depot toesig te hou, binnegaan nie;

(b) 'n grootmaatdepot binnegaan terwyl hy in besit van vuurhoutjies, sigaretopsteker, of soortgelyke toestelle is nie; of

(c) 'n daad verrig wat moontlik brand of 'n ontploffing kan veroorsaak, of wat die depot of sy inhoud in gevaar kan stel, of wat bereken is om dit te doen nie.

*Toesig oor Depots.*

69. Die okkupant van 'n grootmaatdepot moet sorg dat 'n verantwoordelike persoon wat behoorlik daartoe gemagtig is, ononderbroke gedurende werksure by so 'n depot aan diens aanwesig is ten einde voorsorg teen brand of ander gebeurlikhede wat lewe of eiendom in gevaar kan stel, te tref, en moet sorg dat 'n betroubare oppasser altyd na gewone werksure by die depot waghou.

VERVOER VAN VLAMBARE VLOEISTOF.

*Vervoerpermit.*

70. Behoudens die bepalings van artikel 80, mag niemand 'n voertuig vir die vervoer van vlambare vloeistof

place any vehicle for the conveyance of flammable liquid within the municipality unless and until he is in possession of a transport permit issued to him by the Council in respect of such vehicle, or a permit issued to him by any other local authority.

*Issue of Transport Permit.*

71.(1) No transport permit shall be granted in respect of any vehicle unless and until such vehicle —

(a) has been exhibited for examination at such place as the Council may direct, and the examination charge, as prescribed in Schedule 2 hereto has been paid;

(b) complies with the conditions of fitness relating to such vehicle in terms of the Road Traffic Ordinance, 1966, and any regulations promulgated thereunder; and

(c) complies with the requirements of section 72.

(2) Such transport permit shall —

(a) Continue in force for a period of six months or such lesser period as may be stated in such permit;

(b) specify the maximum quantity and class of flammable liquid which such vehicle shall be permitted to carry;

(c) be affixed to the vehicle in respect of which such transport permit was issued and to no other vehicle; and

(b) be maintained on such vehicle in a good and legible condition by the owner or person in control of such vehicle in a position so as to be plainly visible.

*Construction and Capacity of Vehicles.*

72.(1) Every vehicle used for the purpose of transporting flammable liquids by road, in these by-laws referred to as road tank wagon, shall comply with the following requirements and the word "tank" in these by-laws means a tank carried on such a vehicle for the aforesaid purpose: —

(a) The vehicle shall be strongly constructed and as far as is reasonably possible shall be constructed of non-combustible material.

(b) Where electric lighting or other electric devices are employed, the electrical circuit shall be heavily insulated and the wiring so fixed and protected as to reduce as far as reasonably possible any risk of damage. The generator, battery, fuses or switches shall not be situated in any position whereby they are likely to come into contact with any flammable liquid or its vapour.

(c) The tank shall be constructed of iron, steel or other suitable metal and riveted, welded, brazed or otherwise made liquid-tight. Where aluminium alloys are used, the tank shall be constructed in accordance with the specifications detailed in section 385 of Volume 1 of the National Fire Codes issued by the National Fire Protection Association.

op 'n openbare plek binne die munisipaliteit gebruik, laat gebruik of toelaat dat dit gebruik word nie, tensy en alvorens hy in besit van 'n vervoerpermit is, wat die Raad ten opsigte van sodanige voertuig aan hom uitgereik het, of 'n permit wat deur enige ander plaaslike bestuur aan hom uitgereik is.

*Uitreiking van Vervoerpermit.*

71.(1) Geen vervoerpermit ten opsigte van 'n voertuig word uitgereik nie, tensy en alvorens sodanige voertuig —

(a) na sodanige plek as wat die Raad mag aanwys, gebring is om ondersoek te word en die ondersoekgeld soos voorgeskryf in Bylae 2 hierby, betaal is;

(b) aan die voorwaardes ten opsigte van geskiktheid wat op sodanige voertuig betrekking het, ingevolge die Ordonnansie op Padverkeer, 1966, en enige regulasies wat ingevolge daarvan afgekondig is, voldoen; en

(c) aan die vereistes van artikel 72 voldoen.

(2) Sodanige vervoerpermit —

(a) is van krag vir 'n tydperk van ses maande of sodanige korter tydperk as wat op die permit vermeld word;

(b) moet die grootste hoeveelheid asook die klas vlambare vloeistof wat so 'n voertuig toegelaat word om te vervoer, vermeld;

(c) moet aan die voertuig ten opsigte waarvan dit uitgereik is, en aan geen ander voertuig nie, vasgeheg word; en

(d) moet deur die eienaar of die persoon wat die voertuig onder sy sorg het in 'n goeie en leesbare toestand onderhou word op 'n plek op so 'n voertuig waar dit duidelik sigbaar is.

*Bou en Inhoudsvermoë van Voertuie.*

72.(1) Elke voertuig wat gebruik word vir die doel om vlambare vloeistowwe per pad te vervoer, in hierdie verordeninge 'n tenkvragmotor genoem, moet aan die volgende vereistes voldoen, en die woord "tenk" beteken in hierdie verordeninge die tenk wat op sodanige voertuig vir voormelde doeleinde gedra word: —

(a) Die voertuig moet sterk gebou wees, en so ver as redelikerwyse moontlik, van nie-brandbare materiaal vervaardig wees.

(b) Indien daar van elektriese verligting of ander elektriese toestelle gebruik gemaak word, moet die elektriese stroomleiding dig geïsoleer wees, en die bedrading op sodanige wyse aangebring en beskerm word, dat dit sover moontlik die gevaar van beskadiging uitskakel. Die ontwikkelaar, battery, smeltdrade of skakelaars moet nie op 'n plek aangebring word waar hulle moontlik in aanraking met vlambare vloeistof of dampe daarvan kan kom nie.

(c) Die tenk moet van yster, staal of 'n ander geskikte metaal vervaardig wees en moet met naels vasgeklink, gesweis, hardgesoldeer of andersins vloeistofdig gemaak word. Waar daar van aluminium allooie gebruik gemaak word, moet die tenk gebou word volgens die spesifikasies, soos omskryf in artikel 385, Volume 1 van die "National Fire Codes" uitgereik deur die "National Fire Protection Association".

(d) Means of cutting off the electrical current close to the battery by a double pole switch or other suitable method shall be provided.

100. Elke droogskoonmaaklokaal moet geventileer word deur middel van 'n meganiese stelsel van uit- en inlaatventilasie in ooreenstemming met en wat voldoen aan die bepalings van artikels 56 en 86(2).

SPUITLOKALE.

*Registrasie van Spuitlokale.*

101.(1) Niemand mag enige voertuig of artikel met vlambare vloeistof in 'n vertrek of gebou spuit, laat bespuit, of toelaat dat dit bespuit word nie, tensy sodanige persoon in besit van 'n spuitpermit ten opsigte van sodanige lokaal of gebou, is.

(2) Sodanige permit is slegs tot op die eersvolgende 31ste dag van Desember geldig.

(3) Die bepalings van artikels 5 tot en met 12 en 15 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n permit ingevolge hierdie artikel.

*Uitreiking van Spuitlokaalpermit.*

102. Geen spuitlokaalpermit word ten opsigte van 'n spuitlokaal uitgereik nie, tensy en alvorens sodanige lokaal aan die vereistes van hierdie verordeninge voldoen.

*Bou van Spuitlokaal.*

103.(1) Behoudens die bepalings van subartikel (4) moet elke spuitlokaal ooreenkomstig die volgende vereistes gebou word: —

(a) Die mure moet van baksteen of beton wat minstens 100 mm dik is, gebou word of van enige ander materiaal wat, na die mening van die Brandweerhoof, vir die doel geskik is, en die vloer moet van beton of 'n ander sypeldigte materiaal tot voldoening van die Brandweerhoof en die dak van gewapende beton gebou wees.

(b) Die lokaal moet hardehoutdeure hê wat minstens 50 mm dik is en wat geheel en al bedek is met metaal van minstens 0,56 mm dik, of nousluitende metaaldeure, minstens 3 mm dik wat aan 'n hoekysterraam bevestig is en wat rondom 'n oorslag van minstens 50 mm het. Sodanige deure moet na buite toe oopmaak en moet na die gewone werkure gesluit gehou word. Die tipe deur wat aangebring moet word, moet na goeddunke van die Brandweerhoof wees.

(c) Alle vensterrame moet van metaal gemaak wees, moet ruite van splintervrye draadglas in hê en moet van die tipe wees wat nie oopgemaak kan word nie. Elke afsonderlike ruit mag nie groter as 450 mm x 450 mm wees nie.

(d) Elke spuitlokaal moet geventileer word deur middel van 'n meganiese stelsel van uit- en inlaatventilasie wat in staat is om 'n stroomsnelheid van minstens

of providing an air velocity of a minimum of 0,5 m per second through any cross-section of the room so as adequately to remove flammable vapour from the room and change the air therein. The centre line of the inlets to such system shall be at least 450 mm above the level of the floor. The said system shall operate at all times during working hours including any intervals for lunch or tea and shall operate for not less than five minutes after each working period.

(e) Every spray room with a floor area in excess of 20 $m^2$ shall be provided with at least two doors, constructed as prescribed in paragraph (b), situated at such distance from each other as to allow the free and unimpeded escape of persons within the spray room from either door in the case of fire or other danger.

(f) Where a spray room is subdivided into spray booths as prescribed in paragraph (g), each such booth shall be ventilated in accordance with the provisions of paragraph (d).

(g) Where part or the whole of any spray room is subdivided by partitions into separate compartments or booths (hereinafter described as spray booths) such spray booth shall be constructed of metal or other non-combustible material.

(h) All exhaust vents shall be constructed of non-combustible material and so designed and constructed that all vapours are expelled from the interior of a building into the open air at a point not less than 1 m above the apex of the roof of the building: Provided that the Chief Fire Officer may permit such vapours to be expelled into the open air at a lesser distance than 1 m above the apex of the roof if, in his opinion, the vapour is not likely to be ignited. In the event of the exhaust vents being external to the spray room and in communication with any other internal portion of the building, such vents shall be protected by either 100 mm brickwork or 50 mm asbestos cement lagging. There shall be no right angle bends in the vents.

(i) The ventilation inlets shall be of 215 x 140 mm terra-cotta air bricks and honeycombed into the wall opposite the exhaust ventilation system at 215 mm centres, from floor level to a height of not less than 2,5 m. Such inlets shall be substantially equivalent to the exhaust capacity provided in terms of these by-laws.

(j) The blades of any fan used in the spray room shall be of non-ferrous metal.

(2) No electrical equipment shall be installed in the spray room other than —

(a) electric lights enclosed in outer flame-proof fittings;

(b) electric wires protected throughout by seamless metal tubes, the junctions of which are screwed together or cables of the armoured type approved by the Chief Fire Officer; and

(c) electrical apparatus of flame-proof construction used for ventilating purposes.

0,5 m per sekonde deur enige deursnee van die lokaal te verander ten einde die dampe van die vlambare vloeistof doeltreffend uit die lokaal te verwyder en die lug daarin te wissel. Die middellyn van die inlaatopeninge van sodanige stelsel moet minstens 450 mm bokant die vloeroppervlakte geleë wees. Genoemde stelsel moet voortdurend tydens werktye, met inbegrip van die eet- en teepouse, en minstens vyf minute na afloop van elke werktydperk, in werking wees.

(e) Elke spuitlokaal met 'n vloerruimte van meer as 20 $m^2$ moet van minstens twee deure, gebou soos in paragraaf (b) voorgeskryf, voorsien wees en sodanige afstand van mekaar geleë wees dat alle persone in die spuitlokaal vry en ongehinderd by elke deur kan ontsnap ingeval van 'n brand of ander gevaar.

(f) Indien 'n spuitlokaal in spuithokkies, soos in paragraaf (g) omskryf, afgeskort is, moet elke sodanige hokkie ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (d) geventileer word.

(g) Indien 'n gedeelte van of die hele spuitlokaal deur middel van afskortings in afsonderlike afdelings of hokkies (wat hierna spuithokkies genoem word) verdeel is, moet sodanige spuithokkies van metaal of ander nie-brandbare materiaal vervaardig wees.

(h) Alle uitlaatopeninge moet van nie-brandbare materiaal gemaak word en so ontwerp en gebou wees dat alle dampe van die binnekant van 'n gebou af na die buitelug gevoer word op 'n plek minstens 1 m bokant die toppunt van die dak van die gebou: Met dien verstande dat die Brandweerhoof kan toelaat dat die dampe op 'n plek wat nader as 1 m van die toppunt van die dak af geleë is, na die buitelug gevoer kan word indien die dampe, syns insiens, waarskynlik nie aan die brand sal slaan nie. In geval die uitlaatopeninge buite die spuitlokaal is en verbind is met enige ander interne gedeelte van die gebou, moet sodanige openinge beskerm word deur steenwerk van 100 mm dik of 50 mm asbessementplate. Daar mag geen reghoekige buigings in die uitlaatopeninge voorkom nie.

(i) Die inlaatventilasie-openinge moet van 215 x 140 mm terra-cotta lugstene wees wat in 'n heuningkoekmuur teenoor die uitlaatventilasiestelsel op middelpunte van 215 mm vanaf die vloervlak tot 'n hoogte van minstens 2,5 m, aangebring is. Sodanige ventilasie-openinge moet wesentlik gelyk wees aan die uitlaatkapasiteit waarvoor daar ingevolge hierdie verordeninge voorsiening gemaak word.

(j) Die lemme van enige waaier wat in die spuitlokaal gebruik word, moet van nie-ysterhoudende metaal wees.

(2) Geen elektriese toerusting mag in die spuitlokaal aangebring word nie, behalwe —

(a) elektriese gloeilampe wat 'n vlamdigte omhulsel buiteom het;

(b) elektriese draadleidings wat heeltemal deur naatlose metaalbuise, waarvan die lasse vasgeskroef word, beskerm is, of kabels van die gepantserde tipe deur die Brandweerhoof goedgekeur; en

(c) elektriese apparaat wat vlamdig vervaardig is en vir ventilasiedoeleindes gebruik word.

(3)(a) The spray rooms, fans and vents shall be kept clean and free from flammable deposits and all fans and vents shall be kept in proper working order at all times any scraping necessary to comply with the provisions of this subsections being carried out with non-ferrous instruments.

(b) All drums, cans or similar vessels containing flammable liquids or substances or which have contained the same and have not been degassed or otherwise rendered harmless, shall be kept securely closed when not in use and shall, after the contents have been used, be removed from the spray room and stored in such a place that, in the opinion of the Chief Fire Officer, they are not likely to cause danger or obstructions or obstruct or impede the escape to safety of persons or animals in the event of fire.

(4) The Chief Fire Officer may in his descretion permit any reasonable deviation from the provisions of this section which he is satisfied will not create or increase the danger of fire or the danger to persons, animals or other property arising in the event of fire.

*Danger Notices at Entrance.*

104. The words "DANGER — NO SMOKING" in both official languages shall be prominently displayed in letters not less than 150 mm high outside the entrance to every spray room, and shall at all times be maintained in such position and in a clearly legible condition.

*When Permit is not Required.*

105. Nothing contained in sections 101 to 104 inclusive shall prohibit the spraying with flammable liquid of any vehicle or article in the open air if such spraying is not within a distance of 15 m from any fire, flame, open light or other agency likely to ignite such flammable liquid or its vapour and, in the opinion of the Chief Fire Officer, such spraying is not likely in the event of fire to impede the escape of persons or animals, or to endanger any room or building.

MIXING ROOMS.

106. The provisions of sections 81, 88, 90, 95 and 98 shall apply *mutatis mutandis* to mixing rooms.

*Provisions where Class A Flammable Liquids are Used or Handled.*

107. The provisions of section 96(a) to (f) inclusive, (h) and (i) shall apply *mutatis mutandis* to Class A flammable liquids.

*Provisions where Class B Flammable Liquids are Used or Handled.*

108. The provisions of section 99 shall apply *mutatis mutandis* to Class B flammable liquids.

LIQUEFIED PETROLEUM GASES.

109.(1) No person shall cause or permit —

(a) the filling of any receptacle or vehicle with liquefied petroleum gas on any premises;

(3)(a) Die spuitlokale, waaiers en uitlaatopeninge moet skoon en vry van vlambare aanpaksels gehou word, en alle waaiers en openinge moet te alle tye in 'n behoorlike werkende toestand wees, en indien dit skoon geskraap moet word ten einde aan die bepalings van hierdie subartikel te voldoen, moet dit met nie-ysterhoudende instrumente geskied.

(b) Alle dromme, blikke of dergelike houers wat vlambare vloeistowwe of bestanddele bevat, of dit bevat het, en nog nie ontgas of op 'n ander manier onskadelik gemaak is nie, moet deeglik toegehou word wanneer dit nie gebruik word nie, en moet, nadat die inhoud gebruik is, uit die spuitlokaal verwyder en op sodanige plek gehou word waar dit, na die mening van die Brandweerhoof, waarskynlik nie gevaar sal inhou of 'n versperring sal veroorsaak of mense of diere in geval van 'n brand sal verhinder of belemmer om na veiligheid te ontsnap nie.

(4) Die Brandweerhoof kan na goeddunke redelike afwyking van die bepalings van hierdie artikel toelaat indien hy daarvan oortuig is dat dit nie 'n brandgevaar sal skep, of die gevaar van brand verhoog of mense, diere of ander eiendom in geval van 'n brand, in gevaar sal stel nie.

*Gevaarkennisgewings by Ingang.*

104. Die woorde "GEVAAR — MOENIE ROOK NIE" moet opvallend in albei amptelike tale in letters wat minstens 150 mm hoog is, aan die buitekant van die ingang tot elke spuitlokaal aangebring word en moet te alle tye op dié plek in 'n duidelik leesbare toestand in stand gehou word.

*Wanneer 'n Permit nie Vereis word nie.*

105. Geen bepaling in artikels 101 tot en met 104 vervat, verbied die bespuiting van enige voertuig of artikel in die buitelug met vlambare vloeistof nie indien sodanige bespuiting minstens 15 m van enige vuur, vlam, oop lig of ander middel wat sodanige vlambare vloeistof of die dampe daarvan aan die brand kan laat slaan, plaasvind, en indien die Brandweerhoof van mening is dat sodanige bespuiting in geval van 'n brand nie moontlik mense of diere sal verhinder om te ontkom, of enige vertrek of gebou in gevaar sal stel nie.

MENGLOKALE.

106. Die bepalings van artikels 81, 88, 90, 95 en 98 is *mutatis mutandis* van toepassing op menglokale.

*Bepalings waar Klas A Vlambare Vloeistowwe Gebruik of Hanteer word.*

107. Die bepalings van artikel 96(a) tot en met (f), (h) en (i) is *mutatis mutandis* van toepassing op Klas A vlambare vloeistowwe.

*Bepalings waar Klas B Vlambare Vloeistowwe Gebruik of Hanteer word.*

108. Die bepalings van artikel 99 is *mutatis mutandis* van toepassing op Klas B vlambare vloeistowwe.

VLOEIBARE PETROLEUMGASSE.

109.(1) Niemand mag toelaat of veroorsaak —

(a) dat enige houer of voertuig met vloeibare petroleumgas op enige perseel gevul word nie;

(b) the use, handling or storage of liquefied petroleum gas on any premises; or

(c) the use of any vehicle for the conveyance of liquefied petroleum gas in or at any public place,

unless the requirements of the Code of Practice for the Handling, Storage and Distribution of Liquefied Petroleum Gas in Domestic, Commercial and Industrial Installations of the South African Bureau of Standards have been complied with and written permission has been obtained from the Chief Fire Officer who may also require compliance with additional safety precautions he may deem necessary, having regard to the particular circumstances of the case.

(2) The Chief Fire Officer may, in his discretion, permit any reasonable deviation from the provisions of subsection (1).

## CARBIDE.

*Certificate of Registration in Respect of Storage.*

110.(1) No person shall keep or store carbide in excess of 900 kg on any premises unless such person is in possession of a certificate of registration in respect of such premises.

(2) No certificate of registration shall be issued in respect of any premises for the storage of carbide until the provisions of these by-laws have been complied with in respect of such premises.

(3) Such certificate —

(a) shall state the maximum amount of carbide permitted to be stored on the premises;

(b) may be issued subject to such conditions as are deemed necessary by the Council, having regard to the circumstances pertaining to each application.

(4) Every such certificate shall be valid only until the next succeeding 31st day of December.

(5) No certificate of registration, other than a renewal thereof, shall be issued in respect of any premises until the provisions of section 111 have been complied with and the application therefor has been approved by the Council.

*Application for a Certificate of Registration.*

111.(1) Every application for a certificate of registration, accompanied by the charges prescribed in Schedule 1 hereto, shall be made in writing to the Council on a form to be provided by the Council for the purpose.

(2) Every such application shall be accompanied by a plan of the premises in respect of which the certificate is required, drawn to a scale of not less than 1:100 and showing the elevation of the premises in relation to adjacent buildings above or below the ground.

(3) Every such application shall also be accompanied by a block plan drawn to a scale of not less than 1:500 which hall specify —

(a) the premises and all open spaces with stand numbers thereof and the materials of which such premises are constructed or to be constructed;

(b) the stands with numbers thereof immediately adjoining;

(b) dat vloeibare petroleumgas op enige perseel gebruik, gehanteer of opgeberg word nie; of

(c) dat enige voertuig vir die vervoer van vloeibare petroleumgas op of in enige openbare plek gebruik word nie,

tensy die vereistes van die Gebruikskode vir die Hantering, Bewaring en Distribusie van Vloeibare Petroleumgas in Huishoudelike, Kommersiële en Nywerheidsinstallasies van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde nagekom en skriftelike toestemming verkry is van die Brandweerhoof wat kan vereis dat bykomende veiligheidsmaatreëls wat hy, met inagneming van die besondere geval nodig mag ag, nagekom word.

(2) Die Brandweerhoof kan, na goeddunke, enige redelike afwyking van die bepalings van subartikel (1) toelaat.

## KARBIED.

*Registrasiesertifikaat ten Opsigte van Opberging.*

110.(1) Niemand mag meer as 900 kg karbied op enige perseel hou of opberg nie, tensy so 'n persoon in besit is van 'n registrasiesertifikaat ten opsigte van sodanige perseel.

(2) Geen registrasiesertifikaat vir die opberging van karbied op 'n perseel word uitgereik alvorens daar aan die bepalings van hierdie verordeninge ten opsigte van sodanige perseel voldoen is nie.

(3) Sodanige sertifikaat —

(a) moet die grootste hoeveelheid karbied wat op die perseel opgeberg mag word, aangee;

(b) kan uitgereik word, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Raad, met inagneming van die omstandighede verbonde aan elke aansoek, noodsaaklik ag.

(4) Elke sodanige sertifikaat is slegs tot op die eersvolgende 31ste dag van Desember geldig.

(5) Geen registrasiesertifikaat, uitgesonderd 'n hernuwing daarvan, word ten opsigte van 'n perseel uitgereik, alvorens aan die bepalings van artikel 111 voldoen, en die aansoek daarom deur die Raad goedgekeur is nie.

*Aansoek om 'n Registrasiesertifikaat.*

111.(1) Elke aansoek om 'n registrasiesertifikaat moet vergesel gaan van die gelde voorgeskryf in Bylae 1 hierby en moet skriftelik by die Raad gedoen word op 'n vorm wat vir dié doel deur die Raad verskaf word.

(2) Elke sodanige aansoek moet vergesel gaan van 'n plan van die perseel ten opsigte waarvan 'n sertifikaat vereis word, wat volgens 'n skaal van minstens 1:100 geteken is, en wat die opstand met betrekking tot die aangrensende geboue, bokant of onderkant die grond, aandui.

(3) Elke sodanige aansoek moet ook vergesel gaan van 'n blokplan wat volgens 'n skaal van minstens 1:500 geteken is, en waarop die volgende besonderhede aangedui word: —

(a) Die perseel en alle oopruimtes en die standplaasnommers daarvan, en die materiaal waarvan sodanige perseel gebou is of gebou staan te word;

(b) die aangrensende persele en hulle standplaasnommers;

(c) the names of any streets on which the site abuts and the township in which it is situated; and

(d) the north point.

(4) Where the plan relates to existing premises in respect of which a certificate of registration has been issued in terms of section 110 and to which it is proposed to make alterations or additions, only a ground plan together with such application form and the prescribed charges shall be submitted. Such ground plan shall be drawn to a scale of not less than 1:100 and shall show such additions or alterations in relation to such existing premises.

(5) All plans shall be —

(a) signed by the owner of the premises or his agent;

(b) drawn in Indian ink on tracing linen or clear prints on cloth with white ground; and

(c) coloured with fixed colours as follows: —

*Block Plan:*

*Proposed premises or alterations:*

Red.

*Other existing buildings:*

Grey or a neutral colour.

*Open spaces:*

Uncoloured.

(6) A charge of R3 for every application for approval of a plan or plans shall be paid on submission thereof, and on approval, such plan or plans shall become the property of the Council. On approval of such plan a written notice shall be issued with such conditions thereon as are deemed necessary by the Council.

(7) The approval of plans of premises shall in no way imply the acceptane of any responsibility on the part of the Council in regard to such premises.

(8) The approval by the Council under these by-laws of any plans shall lapse and shall be null and void if the provisions of these by-laws shall not have been complied with within one year after the date of such approval.

*Conditions of Certificate of Registration.*

112.(1) No person shall store or cause or permit to be stored any quantity of carbide on any premises in excess of the amount stated on the certificate of registration relating to such premises.

(2) Any person in lawful possession of any certificate of registration may make written application to the Council for permission to increase the total quantity of carbide which may be stored in terms of such certificate. Such application shall be granted by the Council only if the proposed increase is permissible in terms of these by-laws. When the Council has granted any such application, such person shall surrender his certificate of registration to the Council for amendment.

(c) die name van strate waaraan die terrein grens en die naam van die dorp waarin dit geleë is; en

(d) die noordpunt.

(4) Waar die plan betrekking het op 'n bestaande perseel ten opsigte waarvan 'n registrasiesertifikaat ingevolge artikel 110 uitgereik is en ten opsigte waarvan dit die voorneme is om veranderings of aanbouings aan te bring, moet slegs 'n grondplan tesame met sodanige aansoekvorm en die voorgeskrewe gelde ingedien word. Sodanige grondplan moet volgens 'n skaal van minstens 1:100 geteken wees en moet sodanige aanbouings of veranderings met betrekking tot die bestaande perseel aandui.

(5) Alle planne moet —

(a) deur die eienaar van die perseel of sy agent onderteken word;

(b) met Indiese ink op natreklinne geteken of duidelik op 'n wit doek afgedruk wees; en

(c) soos volg met vaste kleure ingekleur wees: —

*Blokplan:*

*Voorgestelde persele of veranderings:*

Rooi.

*Ander bestaande gebou:*

Grys of 'n neutrale kleur.

*Ope ruimtes:*

Ongekleurd.

(6) Daar moet 'n geld van R3 ten opsigte van elke soek om goedkeuring van 'n plan of planne betaal word wanneer dit ingedien word, en nadat dit goedgekeur is, word sodanige plan of planne die eiendom van die Raad. Wanneer so 'n plan goedgekeur is, word 'n skriftelike kennisgewing uitgereik wat sodanige voorwaardes bevat as wat die Raad nodig ag.

(7) Die goedkeuring van planne ten opsigte van 'n perseel beteken geensins dat die Raad enige aanspreeklikheid met betrekking tot sodanige perseel aanvaar nie.

(8) Die goedkeuring deur die Raad van enige plan ingevolge hierdie verordeninge, verval en is van nul en gener waarde indien daar nie binne een jaar na die datum van sodanige goedkeuring, aan die bepalings van hierdie verordeninge voldoen is nie.

*Voorwaardes van die Registrasiesertifikaat.*

112.(1) Niemand mag meer karbied as die hoeveelheid wat op die registrasiesertifikaat wat op sodanige perseel betrekking het, aangedui word, op 'n perseel opberg, laat opberg, of toelaat dat dit daar opgeberg word nie.

(2) Enigiemand wat in wettige besit van enige registrasiesertifikaat is, kan by die Raad skriftelik aansoek doen om toestemming om die totale hoeveelheid karbied wat ingevolge so 'n sertifikaat opgeberg mag word, te vermeerder. Die Raad staan sodanige aansoek slegs toe indien die voorgestelde vermeerdering kragtens hierdie verordeninge toelaatbaar is. Indien die Raad so 'n aansoek toegestaan het, moet sodanige persoon die registrasiesertifikaat by die Raad indien sodat dit gewysig kan word.

*Renewal of Certificate of Registration.*

113. Application for the annual renewal of a certificate of registration shall be made not later than the 15th day of November of the year prior to that for which such renewal is required, on a form to be provided by the Council, and shall be accompanied by the charges prescribed in Schedule 1 hereto. No plans of the premises in terms of section 111 shall be required in the case of a renewal of a certificate of registration, unless called for at the discretion of the Council.

*Transfer of Certificate of Registration.*

114.(1) A certificate of registration may be transferred from one person to another.

(2) The person desiring such transfer shall make application in writing to the Council on a form to be provided by the Council for such purpose. Such application shall be accompanied by the prescribed charges, together with the certificate of registration relating to the premises in respect of which such transfer is desired.

(3) No certificate of registration shall be transferable from one premises to another.

*Additions and Alterations to Registered Premises.*

115. No additions or alterations to any existing registered premises shall be made unless and until a plan prepared in accordance with the provisions of section 111(4) shall have been submitted to and approved by the Council in writing.

*Fire Appliances.*

116. The person to whom a certificate of registration has been issued shall install or cause to be installed in the premises to which such certificate refers, in an easily accessible and visible position on a wall or other suitable position not less than 1 m above the level of the floor of the premises, 6 fire buckets filled with dry sand, of a capacity of 9 litres each, painted red with the word "FIRE" painted in white and legibly maintained thereon.

*Rules to be Observed.*

117. No person shall store or cause or permit to be stored any carbide on any premises whether registered or unregistered, unless such carbide is stored —

(a) in such a position that it is not in dangerous proximity to any fire, flame, open light or other agency likely to ignite flammable or explosive gas;

(b) in a dry and well ventilated position;

(c) in such a position that in the case of fire or explosion, the escape of persons or animals from such premises will not be prevented or impeded;

(d) in closed metal containers.

*Inspection of Premises.*

118.(1) Any duly authorized officer of the Council may, for any purpose connected with these by-laws, at all reasonable times and without previous notice enter

*Hernuwing van die Registrasiesertifikaat.*

113. Daar moet uiterlik op die 15de dag van November van die jaar wat die jaar voorafgaan ten opsigte waarvan hernuwing benodig word, aansoek om die hernuwing deur die Raad verskaf word, en die gelde soos by Bylae 1 hierby voorgeskryf, moet die aansoek vergesel. Geen planne van die perseel word ingevolge artikel 111 in die geval van 'n hernuwing van 'n registrasiesertifikaat vereis nie, tensy die Raad dit na goeddunke verlang.

*Oordrag van 'n Registrasiesertifikaat.*

114.(1) 'n Registrasiesertifikaat kan deur een persoon aan 'n ander oorgedra word.

(2) Die persoon wat sodanige oordrag verlang, moet skriftelik by die Raad aansoek daarom doen op 'n vorm wat die Raad vir dié doel verskaf. So 'n aansoek moet vergesel gaan van die voorgeskrewe gelde, asook van die registrasiesertifikaat wat betrekking het op die perseel ten opsigte waarvan sodanige oordrag verlang word.

(3) Geen registrasiesertifikaat is van een perseel op 'n ander perseel oordraagbaar nie.

*Aanbouings en Veranderings aan 'n Geregistreerde Perseel.*

115. Geen aanbouing of verandering mag aan enige bestaande geregistreerde perseel aangebring word, tensy en alvorens 'n plan wat ooreenkomstig die bepalings van artikel 111(4) opgestel is, by die Raad ingedien en skriftelik goedgekeur is nie.

*Brandblustoestelle.*

116. Die persoon aan wie 'n registrasiesertifikaat uitgereik is, moet in die perseel waarop sodanige sertifikaat betrekking het, 6 rooi geverfde brandemmers met 'n inhoudsvermoë van 9 liter elk wat vol droë sand is, en waarop die woord "BRAND" in wit geverf is en leesbaar in stand gehou moet word, op 'n maklik toeganklike en sigbare plek aan die muur of op 'n ander geskikte plek wat minstens 1 m bokant die vloeroppervlak van die perseel is, aanbring of laat aanbring.

*Reëls wat Nagekom moet word.*

117. Niemand mag karbied op 'n geregistreerde of ongeregistreerde perseel opberg, laat opberg of toelaat dat dit opgeberg word nie, tensy sodanige karbied geberg word —

(a) op 'n plek wat nie gevaarlik naby aan enige vuur, vlam, oop lig of ander middel is wat moontlik vlambare of ontplofbare gas aan die brand kan laat slaan nie;

(b) op 'n droë en behoorlik geventileerde plek;

(c) op so 'n plek dat in die geval van brand of 'n ontploffing die ontkoming van persone of diere van sodanige perseel af, nie verhinder of belemmer word nie;

(d) in metaalhouers wat toe is.

*Ondersoek van Persele.*

118.(1) Enige behoorlik gemagtigde beampte van die Raad kan, vir enige doel in verband met die toepassing van hierdie verordeninge, te alle redelike tye en sonder om vooraf kennis te gee, enige perseel betree en sodanige

upon any premises whatsoever and make such enquiries or examination thereon as he may deem necessary.

(2) The owner or occupier or, failing their presence on the premises, any other person employed thereon shall upon demand disclose to such authorized officer the presence of any carbide in or upon such premises, and shall answer all enquiries relating either to the observance of these by-laws or to any condition in connection with the certificate of registration.

*Construction of Store.*

119. Every store, room or building used for the storage of carbide in excess of 200 kg shall —

(a) be substantially constructed of non-combustible material;

(b) be of such construction and condition that all the contents thereof shall be maintained in a dry condition;

(c) be adequately ventilated to prevent the accumulation therein of flammable or explosive gas;

(d) be so situated that any gases which may be discharged therefrom are not likely to come into contact with any fire, flame, open light or other agency likely to ignite flammable or explosive gas;

(e) have no opening into or communication with any other room or building in which persons reside or which is used for public assembly or stabling of animals;

(f) be so constructed and situated that there is no possibility of danger from any fire, flame, open light or other agency likely to ignite flammable or explosive gas;

(g) be situated at ground level: Provided that any such store, room or building used for the storage of carbide in excess of 200 kg, unless situated at a distance of not less than 30 m from any other building, shall be constructed of brick or concrete and with a roof constructed of non-combustible material and shall have no opening into or communication with any other room or building.

*Danger Notice on Store.*

120. No person shall use or cause or permit to be used any store, room or building for the storage of carbide in excess of 900 kg unless and until the words "DANGER — CARBIDE" in letters not less than 75 mm in height are legibly painted in both official languages on the outer face of the door of such store, room or building. Such notice shall at all times be maintained in such position in a legible condition.

*Purity.*

121. No person shall store, use, sell or expose for sale any carbide which is not commercially pure: Provided that no carbide containing any impurity liable to generate phosphoretted or silicuretted hydrogen in such quantities as to render the gas generated likely to ignite spontaneously, shall be considered to be commercially pure for the purpose of this section.

*Seizure and Removal of Carbide.*

122. Where any authorized officer of the Council has reasonable cause to believe that any storage of carbide is contrary to the provisions of these by-laws, he may

navrae daar doen of ondersoek instel as wat hy nodig mag ag.

(2) Die eienaar of okkupant, of indien hulle nie op die perseel teenwoordig is nie, enige ander persoon wat daar in diens is, moet sodanige gemagtigde beampte op sy versoek verwittig van enige karbied wat in of op sodanige perseel is, en moet alle navrae met betrekking tot die nakoming van die bepalings van hierdie verordeninge, of met betrekking tot enige voorwaardes in verband met die registrasiesertifikaat, beantwoord.

*Bou van Opbergingslokaal.*

119. Elke pakkamer, vertrek of gebou wat gebruik word om meer as 200 kg karbied in op te berg moet —

(a) stewig en van nie-brandbare materiaal gebou wees;

(b) sodanig gebou en in so 'n toestand wees dat die hele inhoud daarvan droog bly;

(c) behoorlik geventileer wees sodat vlambare of ontplofbare gas nie daarin vergaar nie;

(d) sodanig geleë wees dat gas wat daaruit ontsnap nie moontlik in aanraking kan kom met enige vuur, vlam, oop lig of ander middel wat moontlik vlambare of ontplofbare gas aan die brand kan laat slaan nie;

(e) nie 'n opening hê na, of verbind wees met, 'n ander vertrek of gebou waarin mense woon of wat vir openbare byeenkomste of die huisvesting van diere gebruik word nie;

(f) sodanig gebou, en geleë wees, dat daar geen moontlikheid van gevaar van enige vuur, vlam, oop lig of ander middel wat moontlik vlambare of ontplofbare gasse aan die brand kan laat raak, bestaan nie;

(g) op die grondvlak geleë wees: Met dien verstande dat enige sodanige pakkamer, vertrek of gebou wat gebruik word om meer as 200 kg karbied op te berg, tensy dit minstens 30 m van enige ander gebou af staan, van baksteen of beton en met 'n dak van vuurvaste materiaal gebou moet wees, en mag geen opening na 'n ander vertrek of gebou hê of daarmee verbind wees nie.

*Gevaarkennisgewing aan Opbergingslokaal.*

120. Niemand mag 'n pakkamer, vertrek of gebou gebruik, laat gebruik of toelaat dat dit gebruik word met die doel om meer as 900 kg karbied daarin op te berg nie, tensy en alvorens die woorde "GEVAAR — KARBIED" leesbaar in albei amptelike tale, in letters wat minstens 75 mm hoog is, op die buitekant van die deur van sodanige pakkamer, vertrek of gebou geverf is. Sodanige kennisgewing moet te alle tye op dié plek in 'n leesbare toestand in stand gehou word.

*Suiwerheid.*

121. Niemand mag karbied wat nie vir handelsgebruik suiwer is nie, opberg, gebruik, verkoop of te koop aanbied nie: Met dien verstande dat geen karbied wat onsuiwerhede bevat wat moontlik soveel fosfor- of silikonwaterstof kan afskei dat die gasse wat vrygestel word, moontlik vanself aan die brand kan slaan, vir die toepassing van hierdie artikel as suiwer handelskarbied beskou word nie.

*Beslaglegging op en Verwydering van Karbied.*

122. Indien 'n gemagtigde beampte van die Raad op billike gronde vermoed dat karbied, strydig met die bepalings van hierdie verordeninge opgeberg word, kan hy be-

seize and detain such carbide and may either require the owner or occupier or, failing their presence on the premises, any other person employed thereon to detain the carbide in those premises or in any other premises under his control, or he may remove it in such manner and to such premises as will, in his opinion, least endanger the public safety, and there detain it or take such other measures as may be necessary for the protection of the public.

*Breach of Conditions.*

123. Any person who commits any breach of any condition endorsed on the approval notice or certificate of registration issued in terms of these by-laws, shall be guilty of an offence in terms of these by-laws.

PENALTIES.

124. Any person contravening any provision of these by-laws shall be guilty of an offence and liable, on conviction —

(a) to a fine not exceeding R100 or, in default of payment, imprisonment for a period not exceeding 6 months; and

(b) in the case of a successive or continuing offence, to a fine not exceeding R10 for every day such offence continues.

*Revocation of By-laws.*

125. The By-laws Relating to the Control of Inflammable Liquids and Substances of the Klerksdorp Municipality, published under Administrator's Notice 354, dated 8 May, 1957, as amended, are hereby revoked.

SCHEDULE 1.

TARIFF OF CHARGES PAYABLE IN RESPECT OF CERTIFICATES OF REGISTRATION, SPRAY PERMITS, RENEWALS AND TRANSFERS.

| | *Yearly* R |
|---|---|
| 1. Bulk Depot | 50,00 |
| 2. Dry-cleaning Room | 10,00 |
| 3. Mixing Room | 10,00 |
| 4. Spray Room | 4,00 |
| 5. Carbide Store | 10,00 |
| 6. Premises other than those mentioned above: | |
| (1) Up to and including 2,3 *kl* storage capacity | 4,00 |
| (2) Up to and including 4,5 *kl* storage capacity | 6,00 |
| (3) Up to and including 23 *kl* storage capacity | 8,00 |
| (4) Up to and including 45 *kl* storage capacity | 10,00 |
| (5) Above 45 *kl* storage capacity | 20,00 |

slag lê op sodanige karbied en dit hou en hy kan die eienaar of okkupant of, indien hulle nie op die perseel teenwoordig is nie, enige ander persoon wat daar in diens is, aansê om die karbied in die perseel of in enige ander perseel onder sy beheer, te hou, of hy kan dit op so 'n wyse en na sodanige perseel toe verwyder as wat, na sy mening, die veiligste vir die publiek is en dit daar hou, of hy kan enige ander reëlings tref wat hy ter beveiliging van die publiek noodsaaklik ag.

*Verbreking van die Voorwaardes.*

123. Enigiemand wat 'n voorwaarde wat op die goedkeuringskennisgewing of die registrasiesertifikaat wat kragtens hierdie verordeninge uitgereik is, geëndosseer is, verbreek, is skuldig aan 'n misdryf ingevolge hierdie verordeninge.

STRAFBEPALING.

124. Enigiemand wat enige bepaling van hierdie verordeninge oortree is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met —

(a) 'n boete van hoogstens R100 of, by wanbetaling, gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 6 maande; en

(b) in die geval van agtereenvolgende of voortdurende oortredings, 'n boete van hoogstens R10 vir elke dag wat die misdryf voortduur.

*Herroeping van Verordeninge.*

125. Die Verordeninge vir die Beheer oor Ontvlambare Vloeistowwe en Stowwe van die Munisipaliteit Klerksdorp, afgekondig by Administrateurskennisgewing 354 van 8 Mei 1957, soos gewysig, word hierby herroep.

BYLAE 1.

TARIEF VAN GELDE BETAALBAAR TEN OPSIGTE VAN REGISTRASIESERTIFIKATE, SPUITLOKAALPERMITTE, HERNUWINGS EN OORDRAGTE.

| | *Jaarliks* R |
|---|---|
| 1. Grootmaatdepot | 50,00 |
| 2. Droogskoonmaaklokaal | 10,00 |
| 3. Menglokaal | 10,00 |
| 4. Spuitlokaal | 4,00 |
| 5. Karbiedopbergingslokaal | 10,00 |
| 6. Persele wat nie hierbo vermeld word nie: | |
| (1) Tot en met 'n opbergingsvermoë van 2,3 *kl* | 4,00 |
| (2) Tot en met 'n opbergingsvermoë van 4,5 *kl* | 6,00 |
| (3) Tot en met 'n opbergingsvermoë van 23 *kl* | 8,00 |
| (4) Tot en met 'n opbergingsvermoë van 45 *kl* | 10,00 |
| (5) Meer as 45 *kl* opbergingsvermoë | 20,00 |

7. Transfer of certificate of registration or spray permit: R1.

8. (1) For the issue of every certificate of registration or spray permit, the yearly charges shall be as prescribed in this Schedule: Provided that if liability to pay the charges arises on or after 1 July in any year, the charges payable shall be half the yearly charges.

(2) For the annual renewal of a certificate of registration or spray permit, the charges shall be as prescribed in this Schedule.

SCHEDULE 2.

TARIFF OF CHARGES IN RESPECT OF EXAMINATION OF VEHICLES FOR TRANSPORT PERMIT.

*Description of Vechicle.*

| | *Half yearly* R |
|---|---|
| 1. Road tank wagon | 4,00 |
| 2. Motor vehicle, other than a road tank wagon, designed to be used for the conveyance of flammable liquids in excess of the amount permitted in terms of section 80(1)(a) and (b) | 2,00 |
| 3. Any vehicle, other than a motor vehicle or road tank wagon, designed to be used for the conveyance of flammable liquids in excess of the amount permitted in terms of section 80(1)(a) and (b) | 1,00 |

PB. 2-4-2-49-17

7. Oordrag van registrasiesertifikaat of spuitlokaalpermit: R1.

8. (1) Vir die uitreiking van elke registrasiesertifikaat of spuitlokaalpermit, is die jaarlikse gelde soos voorgeskryf in hierdie Bylae: Met dien verstande dat indien aanspreeklikheid vir betaling van die gelde op of na 1 Julie van enige jaar ontstaan, die gelde betaalbaar slegs die helfte van die jaarlikse gelde is.

(2) Vir die jaarlikse hernuwing van 'n registrasiesertifikaat of spuitlokaalpermit, is die gelde soos in hierdie Bylae uiteengesit.

BYLAE 2.

TARIEF VAN GELDE TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERSOEK VAN VOERTUIE VIR 'N VERVOERPERMIT.

*Beskrywing van Voertuig.*

| | *Halfjaarliks.* R |
|---|---|
| 1. Tenkvragmotor | 4,00 |
| 2. Motorvoertuig, uitgesonderd 'n tenkvragmotor, wat ontwerp is vir die vervoer van vlambare vloeistowwe in groter hoeveelhede as wat toelaatbaar is ingevolge artikel 80(1)(a) en (b) | 2,00 |
| 3. Enige voertuig, uitgesonderd 'n motorvoertuig of tenkvragmotor, wat ontwerp is vir die vervoer van vlambare vloeistowwe in groter hoeveelhede as wat toelaatbaar is ingevolge artikel 80(1)(a) en (b) | 1,00 |

PB. 2-4-2-49-17

Printed for the Transvaal Provincial Administration, Pta., by Hoofstadpers Beperk, P.O. Box 422, Pretoria.

Gedruk vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pta., deur Hoofstadpers Beperk, Posbus 422, Pretoria.